

Storiebundel

AFRIKAANS


HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2



GRAAD 2





Storiebundel

GRAAD 2 | KWARTAAL 1 & 2

AFRIKAANS

**Copyright © 2026 National Educational
Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons
Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0
International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license
may be available. For further information, please
contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

First edition, 2026



KWARTAAL 1



KAART VAN SUID- AFRIKA



Thuli se nuwe
hoenders



Noord-Kaap

Wegkruipertjie




Lesego voel
ongemaklik



Wes-Kaap

Atlantiese
Oseaan





Limpopo



Mandu se
geheime dagboek



Timeo help
sy gesin

Gauteng

Mpumalanga

Noordwes

Vrystaat



Marie
spaar



Zama se
slegte dag

KwaZulu-
Natal



Adri en Erika se groot
avontuur

Oos-Kaap

Indiese Oseaan



KWARTAAL I VERHALE



1. Marie spaar

1



2. Thuli se nuwe hoenders

13



3. Adri en Erika se groot avontuur

27



4. Timeo help sy gesin

41



5. Lesego voel ongemaklik

55



6. Zama se slegte dag

67



7. Mandu se geheime dagboek

81



8. Wegkruipertjie

93

VERHAAL 1

MARIE SPAAR



Tema: Ons stel doelwitte



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer te leer oor hoe om 'n doel te bereik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In hierdie verhaal, stel Marie die doelwit om 'n nuwe fiets te koop.
- Marie werk en spaar haar geld om haar doelwit te bereik.
- Hierdie verhaal sluit die optel en aftrek van geld in. Dit wys leerders 'n werklike voorbeeld van hoe wiskundige vaardighede gebruik kan word om 'n probleem op te los.



Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om 'n denkbeeldige prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal lewendiger.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
8, 3	“Kyk!” sê Busi, “nou het jy genoeg geld vir jou fiets en daar is selfs geld oor!”	Ek visualiseer Marie en Busi wat op en af spring van opgewondenheid toe hulle die R100 sien. Nou het Marie genoeg geld om haar nuwe fiets te koop!
9, 1	Die volgende Saterdag gaan Marie en haar pa na die winkel om haar pragtige geel fiets te koop.	Ek visualiseer hoe gelukkig die meisies is om saam fiets te ry. Ek visualiseer hoe hulle glimlag en lag terwyl hulle fietsry.
10, 1	Toe ry sy en Busi die hele dag met hul pragtige fietse, totdat die son ondergaan!	

Marie se maat, Busi, het 'n pragtige pienk fiets. Elke dag dink Marie: “Ek wens ek het 'n fiets soos Busi! Dan kan ons saam fietsry.”

Eendag gaan Marie saam met haar pa winkel toe. Sy sien 'n geel fiets, net soos Busi se pienk een. “O! Ek wil hierdie fiets koop!” sê Marie. Die fiets kos R200. “Asseblief, Pappa, sal jy die fiets vir my koop?”

“Ek sal die helfte van die fiets betaal,” sê Marie se pa. “Jy sal moet werk en die res van die geld op jou eie spaar!” Marie se pa gee vir haar R100.

Toe Marie by die huis kom, sit sy die geld in haar boonste laai waar dit veilig sal wees. Dan dink en dink sy: “Hoe kan ek die res van die geld verdien om die pragtige geel fiets te koop?”



Die volgende dag kom kuier Busi met haar pragtige pienk fiets. Marie vertel vir Busi wat haar pa gesê het. “As ek genoeg geld kan spaar, kan ons saam op ons fietse ry!” sê Marie.

“Ek het ’n plan!” sê Busi. “Miskien kan ons in die tuin werk, dan kan jou pa ons betaal. Dan kan jy daardie geld gebruik om jou fiets te koop!” Busi en Marie gaan na Marie se pa.

“Pappa, sal jy ons betaal as ons in die tuin help?” vra Marie.

“Dit is ’n blink plan!” sê haar pa. “Ek het baie hulp in so ’n groot tuin nodig! Ek sal julle elkeen R20 betaal vir elke dag wat julle help,” sê hy.



Busi en Marie werk die hele dag. Aan die einde van die dag gee Marie se pa vir hulle elkeen R20. Busi gee haar geld vir Marie. “As jy ’n fiets het, sal dit baie meer pret wees om fiets te ry,” sê sy.

“Sjoe, dankie, Busi!” sê Marie.

Marie gaan terug na haar kamer toe. Sy sit haar nuwe R40 by haar R100. “Ek het nou R140!” dink sy. “Nog net ’n paar dae van werk en ek sal my fiets kan koop.”



Maandag na skool, speel Busi en Marie saam in die tuin.

Marie hoor 'n vreemde geluid. “Luister!” sê sy. “Hoor jy dit?” Busi kyk af. Sy sien 'n katjie wat in die heining vassit.

“Agge nee!” sê Busi. “Hierdie katjie sit vas!” Marie kniel en help die katjie om los te kom. “Arme katjie!” sê sy.

Busi hou die katjie vas en streel hom om hom te kalmeer.

“Wat sal ons nou doen?” vra Marie. “Ek wed jou iemand is besig om na die katjie te soek.”





Net toe sien hulle 'n plakkaat wat teen 'n boom vasgeplak is. Dit het 'n foto van presies die katjie wat hulle gevind het. Die woord “VERMIS” is in rooi letters. Hulle skryf die telefoonnommer neer. Toe hardloop hulle na Busi se huis toe. Busi se ma gee vir hulle haar telefoon om die nommer op die plakkaat te bel.

Toe kom haal Brenda haar kat.

Toe Brenda weer oppad is, haal sy R100 uit haar beursie. “Dankie dat julle my kat gevind het,” sê sy en gee die geld vir Busi.

“Kyk!” sê Busi, “nou het jy genoeg geld vir jou fiets en daar is selfs geld oor!”





Die volgende Saterdag gaan Marie en haar pa na die winkel om haar pragtige geel fiets te koop.

Toe ry sy en Busi die hele dag met hul pragtige fietse,
totdat die son ondergaan!





Lees 1

Wie het vir Marie geld gegee?

Haar pa, Busi en Brenda (die kateienaar).

Hoeveel geld het Marie nodig gehad vir 'n nuwe fiets?

Sy het R200 nodig gehad.

Hoekom wou Marie geld spaar?

- Omdat sy 'n nuwe fiets wou koop.
- Omdat sy 'n fiets soos haar maat Busi s'n wou koop.
- Omdat sy graag saam met haar beste maat, Busi, wou fietsry.
- Omdat haar pa gesê het dat hy die helfte van die geld vir 'n nuwe fiets sal betaal, maar dat sy die ander helfte moet spaar.



Lees 2

Hoe het Marie geld verdien?

- Sy het in die tuin gewerk.
- Busi het in die tuin gewerk en haar geld vir Marie gegee.
- Hulle het 'n kat gevind en die eienaar het hulle beloon met geld.

Hoeveel geld het die meisies oorgehad?

Die meisies het R40 oorgehad.

Hoekom het Busi haar geld vir Marie gegee?

- Omdat sy haar maat wou help om vir 'n fiets te spaar.
- Omdat sy reeds 'n fiets gehad het.
- Omdat sy 'n vriendelike en hulpvaardige maat is.
- Omdat dit baie lekkerder is om fiets te ry saam met 'n maat.



VERHAAL 2

THULI SE NUWE HOENDERS

Tema: Ons stel doelwitte



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan hoe om te beplan en doelwitte te stel en hoe om 'n doelwit te bereik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Om 'n doelwit te bereik het ons dikwels 'n plan nodig. In hierdie storie maak Ouma 'n plan en volg die stappe totdat sy slaag.
- Om haar besigheid te begin, gebruik Ouma die hulpbronne rondom haar en vra haar familie om hulp. Sy is 'n probleemoplosser en 'n entrepreneur!
- Thuli leer hoe om 'n klein besigheid te begin deur vir Ouma dop te hou.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
15, 1	Thuli en haar ouma het 'n pragtige bruin hen in hulle erf. Thuli noem die hen Hennie. Elke oggend gaan Thuli uit om 'n eier vir ontbyt te vind.	Ek lei af dat daar soggens nie genoeg eiers vir Ouma en Thuli is om te eet nie. Daar is slegs een eier vir Thuli.
20, 3	“Moenie aan die eier raak nie!” gee Ouma saggies opdrag. “Sy moet veilig en beskerm in haar huis voel, sodat sy nie haar eier los nie!”	Ek lei af dat Ouma al voorheen hoenders (kuikens) vanaf eiers grootgemaak het, want dit lyk asof sy presies weet wat om te doen.

Thuli en haar ouma het 'n pragtige bruin hen in hulle erf. Thuli noem die hen Hennie. Elke oggend gaan Thuli uit om 'n eier vir ontbyt te vind.



Eendag besluit Thuli se ouma om met eiers te boer. Sy werk uit dat hulle met twaalf henne ten minste nege eiers per dag kan kry. Dan sal hulle vier van hierdie eiers vir ontbyt kan hou en die ekstra vyf eiers kan verkoop.

“Ons het nie geld vir twaalf henne nie,” sê Ouma vir Thuli, “maar ek het ’n plan!”



Ouma gaan leen oom Ndumiso se haan. Ouma verduidelik dat die eiers wat hulle nou kry, kan uitbroei. Dan sal hulle kuikens hê.

Thuli is 'n bietjie teleurgesteld dat sy vir 'n rukkie nie vars, heerlike eiers kan eet nie. Maar sy kan ook nie wag om 'n erf vol kuikens te hê nie.



Een middag kom kuier tannie Lydia, Thuli se tannie. Sy bring stukkies hout, 'n stuk sink en verf saam. Tannie Lydia en Thuli bou 'n nuwe hoenderhok waar Hennie haar eiers kan lê. Hulle verf die hok met helder kleure. Hulle voer die vloer van die hok met sagte hooi uit.



Die volgende oggend gaan Thuli na die hoenderhok toe met voer vir Hennie en 'n klein bakkie water. Thuli was besig om die water net binne die ingang van die hoenderhok te sit, toe Ouma uitkom. Ouma vra dat Thuli die water eerder buite die hoenderhok moet sit.

“As die voer en die water te naby aan die nes is, kan Hennie per ongeluk op haar eiers trap terwyl sy probeer eet!” verduidelik Ouma.



Thuli is die volgende dag baie opgewonde. Toe Hennie van haar nes afklim om te eet, is daar 'n pragtige, bruin eier in die hooi.

“Kyk!” sê Thuli terwyl sy na die eier wys.


“Moenie aan die eier raak nie!” gee Ouma saggies opdrag. “Sy moet veilig en beskermd in haar huis voel, sodat sy nie haar eier los nie!”



Elke oggend daarna, wanneer Hennie van haar nes afklim om te eet, tel Thuli die eiers.

1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11.

Elf dae, elf eiers. Een nuwe eier elke dag.



Op die twaalfde dag tel Thuli nog steeds net elf eiers.

“Waarom is daar nie ’n nuwe eier nie?” vra Thuli senuweeagtig.

“’n Hen kan net ongeveer twaalf eiers lê. Sy het nou baie eiers waarop sy moet sit. Hierdie groep eiers van haar het ’n spesiale naam. Ons noem dit ’n broeisel. Noudat sy ’n broeisel het, sal sy nie meer nuwe eiers lê nie. Sy sal nou vir 21 dae op hierdie eiers sit,” sê Ouma.




Thuli hardloop binnetoe. Sy het 'n kalender met 21 dae daarop gemaak. Nou merk sy die eerste dag daarop af.

Elke dag daarna merk Thuli een dag af. Toe sy uiteindelik die 21ste dag afmerk, gil sy van opgewondenheid.

“Vandag is die dag!” skree sy en hardloop buitentoe.



Thuli gaan sit by die hoenderhok totdat sy beweging begin hoor. Die kuikens is uiteindelik op pad!





Lees 1

Hoeveel hennies wou Ouma graag hê?

Ouma wou twaalf hennies hê.

By wie het Thuli se oma 'n haan geleen?

Sy het 'n haan by Oom Ndumiso geleen.

Hoekom het Thuli se oma Oom Ndumiso se haan geleen?

- Omdat jy 'n haan nodig het om kuikens binne-in eiers te laat groei.
- Omdat sy die eiers in kuikens wou laat uitbroei sodat sy meer hoenders kan hê.
- Sy wou meer hoenders hê sodat sy en Thuli meer eiers kon hê. Dan kan hulle party hou en die ander verkoop.
- Omdat sy haar eie eierbesigheid wou begin en meer hoenders nodig gehad het.
- Omdat sy nie geld gehad het om hoenders te koop nie, het sy besluit om haar eie kuikens uit te broei en hulle te laat grootword.



Lees 2

Op hoeveel eiers het Hennie gesit?

Sy het op 11 eiers gesit.

Hoe lank het Thuli vir die eiers gewag om uit te broei?

Sy het 21 dae vir die eiers gewag om uit te broei.

Hoekom het Thuli beide teleurgesteld en opgewonde gevoel?

- Sy het teleurgesteld gevoel omdat sy lief was daarvoor om elke dag die eiers te gaan uithaal, maar terwyl die eiers gegroei het tot kuikens, was daar nie vir haar eiers om te eet nie.
- Sy het teleurgesteld gevoel omdat sy vir 'n wyle nie eiers vir ontbyt sou eet nie.
- Sy het opgewonde gevoel omdat daar binnekort 'n erf vol kuikens sou wees.
- Sy het opgewonde gevoel dat die eiers kuikens gaan uitbroei.



VERHAAL 3

ADRI EN ERIKA SE GROOT AVONTUUR

Tema: Ons help



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te besef dat dit tyd en geduld kan neem om ander te help.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In hierdie verhaal werk Adri daaraan om haar sussie Erika te help leer om fiets te ry.
- Adri is 'n vriendelike en geduldige ouer sussie. Sy dink aan baie kreatiewe idees om haar sussie te help.
- Om Erika te leer fietsry, draai op 'n reuse avontuur uit!



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
29, 1	Dit was uiteindelik Erika se verjaardag. Haar ouer suster, Adri, het uitgesien na hierdie dag om aan te breek. Adri en haar ouma het 'n helder geel fiets vir Erika gekies. Adri kon nie wag om vir Erika te leer hoe om fiets te ry nie.	Ek lei af dat Adri reeds weet hoe om fiets te ry. Adri moet opgewonde wees om Erika te leer fietsry, sodat hulle saam op hulle fietse kan ry
35, 1	Adri het besef dat hulle nie daardie dag op 'n groot fietsry-avontuur sou gaan nie. Adri het weer aan die agterkant van die fiets vasgehou. “Eers, dink ek, moet jy oefen om te trap en te balanseer,” het sy vir Erika gesê.	Ek lei af dat Adri werklik haar sussie wil help om te leer, omdat sy heeldag agter haar fiets aanhardloop om haar te help oefen!

Dit was uiteindelik Erika se verjaardag. Haar ouer suster, Adri, het uitgesien na hierdie dag om aan te breek. Adri en haar ouma het 'n helder geel fiets vir Erika gekies. Adri kon nie wag om vir Erika te leer hoe om fiets te ry nie.



Na aandete het Ouma vir Adri toegelaat om die nuwe fiets in die huis in te stoot. Hulle het 'n groot rooi strik om die handvatsels geknoop. Toe het Adri vir Erika geroep om te kom kyk. Adri kon nie wag om Erika se glimlag te sien as sy die nuwe fiets sien nie.



Erika het in die kamer ingehardloop. Haar gesig het verhelder van blydschap toe sy die helder geel fiets sien. Maar toe het haar glimlag verflou.

“Maar... ek weet nie hoe om fiets te ry nie,” het sy gesê.

“Moenie bekommerd wees nie! My verjaardaggeskenk aan jou is om jou te leer fietsry!” het Adri opgewonde vertel.



Die volgende oggend was Saterdag. Adri het Erika vroeg wakker gemaak.

“Kom ons gaan parkie toe! Ek wil jou leer fietsry sodat ons op ’n avontuur kan gaan!” het Adri gesê.

Adri het op haar fiets geklim. “Kyk na my. Dan sal jy weet wat om te doen,” het sy vir haar suster gesê.

Adri het met haar fiets in die paadjie op en af gery terwyl Erika na haar gekyk het.

“Probeer jy nou!” het Adri vir Erika gesê.

“Ek is te bang!” het Erika gesê.
“Wat as ek val?” het sy gevra.



Adri het gedink dit sal maklik wees om vir Erika te leer fietsry. Sy het gedink hoe sy haar suster kon leer trap. Toe kry sy 'n idee.

“Kom, klim op jou fiets,” het Adri gesê. Toe het Adri die fiets vasgehou sodat dit nie kon beweeg nie. “Nou kan jy oefen om te trap,” het sy vir Erika gesê.

Erika het haar voete op die pedale gesit terwyl Adri die fiets styf vasgehou het. Sy het getrap en getrap. Na 'n rukkie het Adri gedink dat Erika dit nou bemeester het.

“Probeer nou op jou eie!” het Adri vir Erika gesê. Adri het die fiets laat gaan.

Erika het haar voete op die pedale gesit, maar toe voel sy die fiets waggel. Sy het haar voete op die grond neergesit.

“Ek is te bang om op my eie te trap! Wat as ek val?” het Erika gevra.



Adri het gedink dit sal maklik wees om Erika te leer fietsry. Noudat Erika kon trap, het sy gedink hoe sy haar suster kon leer om op die fiets te balanseer. Toe kry sy 'n idee.

“Kom, klim op jou fiets,” het Adri gesê. Toe het Adri die agterkant van die fiets vasgehou. “Nou kan jy oefen om te balanseer,” het sy vir Erika gesê.

Erika het begin trap terwyl Adri agter haar aangehardloop het en die fiets styf vasgehou het. Na 'n rukkie het Adri gedink dat Erika dit nou bemeester het.

“Probeer nou op jou eie!” het Adri vir Erika gesê. Adri het die fiets laat gaan.


Erika het gevoel hoe die fiets waggel en sy het haar voete op die grond neergesit.

“Ek is te bang om op my eie te balanseer! Wat as ek val?” het Erika gevra.



Adri het besef dat hulle nie daardie dag op 'n groot fietsry-avontuur sou gaan nie. Adri het weer aan die agterkant van die fiets vasgehou.

“Eers, dink ek, moet jy oefen om te trap en te balanseer,” het sy vir Erika gesê. Hulle het ure lank op en af in die paadjie gery – Erika op haar fiets en Adri wat agterna gehardloop het.



Die son het begin sak. Adri was uitgeput van die heeldag se gehardloop. “Kom ons gaan huis toe,” het sy gesê.



“Nog een keer,” het Erika gevra.

Adri het agter haar aangehardloop en styf aan die fiets vasgehou. Na 'n paar sekondes het Erika uitgeroep, “Los nou!”

Adri het die fiets laat gaan en toe sien sy hoe Erika op haar eie in die paadjie ry. Adri het begin om hande te klap en te juig toe sy sien hoe goed haar suster fietsry.



Die dag het in 'n avontuur geëindig!





Lees 1

Wat was die kleur van Erika se nuwe fiets?

Dit was helder geel.

Wat was Adri se geskenk aan Erika?

Haar geskenk was om vir Erika te leer om fiets te ry.

Hoekom het Adri die heeldag agter haar suster se fiets aangehardloop?

- Omdat sy haar suster wou leer hoe om fiets te ry.
- Omdat haar suster bang was om op haar eie te ry.
- Omdat sy gedink het dit sal haar help om te oefen om te trap en te balanseer.
- Omdat sy goeheartig was en vir haar suster omgee het.



Lees 2

Hoe kan jy aflei dat Adri goeheartig is en vir haar suster omgee?

- Omdat sy beplan het om haar suster te leer fietsry as 'n geskenk.
- Omdat sy die fiets vasgehou het terwyl haar suster getrap het.
- Omdat sy die hele dag agter die fiets aangehardloop het.
- Omdat sy geduldig was toe haar suster te bang was om op haar eie te ry.
- Omdat sy hande geklap en gejuig het toe Erika uiteindelik alleen haar fiets gery het.

Hoe het Adri haar suster gehelp?

- Sy het die fiets vasgehou terwyl haar suster geoefen het om te trap.
- Sy het die fiets vasgehou en agter die fiets aangehardloop sodat haar suster kon oefen om te trap en te balanseer.

Hoekom het Adri hande geklap en gejuig toe sy sien hoe haar suster fietsry?

- Omdat dit die eerste keer was dat haar suster alleen haar fiets gery het.
- Omdat sy trots was op haar suster.
- Omdat haar suster die heeldag hard gewerk het.
- Omdat sy die heeldag hard gewerk het om haar suster te help.
- Omdat haar suster te bang was om op haar eie te ry, maar uiteindelik probeer het!
- Omdat sy goeheartig is en vir haar suster omgee – sy is gelukkig as haar suster sukses in iets nuuts behaal.



VERHAAL 4

TIMEO HELP

SY GESIN

Tema: Ons help



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan hoe terg en boelie mense kan seermaak – beide kinders en grootmense.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Mense kan om verskeie redes geterg of geboelie word. Sommige mense word geboelie omdat hulle nie vanuit Suid-Afrika kom nie. Boeliegedrag is nooit reg nie.
- In hierdie verhaal het elke lid van die gesin 'n slegte dag, omdat hulle geterg of geboelie word.
- Timeo help sy gesin deur hulle aan te moedig om oor hulle probleme te praat en deur hulle daaraan te herinner dat hulle almal goeie mense in hulle lewens het.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
44, 5	“Luister,” het Timeo aandagtig gesê, “boelies is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en spandeer tyd saam met hulle.”	Ek kan ’n verbinding maak: mense is gemeen teenoor beide Eva en Gloria. Hulle albei voel hartseer as gevolg van iemand se gemene opmerkings.
47, 3	“... Die man sê steeds dieselfde lelike goed vir my, maar dit pla my nie meer nie. Ek weet wie my vriende is. Ek sal nooit met daardie moeilike man vriende wees nie; selfs nie as jy my betaal nie,” het hy gesê.	Timeo het al boeliegedrag ervaar, net soos die ander lede van sy gesin. Ek dink hy bring sy gesin bymekaar, sodat hulle met mekaar in verbinding kan tree, eerder as om alleen te voel.

“Hoe was dit vandag by die skool?” het Timeo sy dogter, Eva, gevra toe sy tuisgekom het.

Eva het haar skouers opgetrek. “Dit was oukei,” het sy ernstig geantwoord.

“Wat is fout?” het Timeo gevra.

“Daar is ’n meisie wat partykeer op my pik. Sy noem my mollig. Is ek mollig?” het Eva gevra.

“Luister,” het Timeo aandagtig gesê, “boelies is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en bring tyd saam met hulle deur.”



“Hoe was dit vandag by die werk?” het Timeo sy vrou, Gloria, gevra toe sy by die deur inloop.

Gloria het haar kop geskud. “Dit was oukei,” het sy ernstig geantwoord.

“Wat het gebeur?” het Timeo gevra.

“Daar is party vrouens wat sê dat ek nie ’n werk behoort te hê nie. Hulle sê dat ek moet huis toe gaan. Ons bly al vir 11 jaar hier. Is dit nie ons huis nie?” het Gloria gevra.

“Luister,” het Timeo aandagtig gesê, “boelies is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en bring tyd saam met hulle deur.”



“Hoe was die sokkeroefening?” het Timeo sy seun, Emmanuel, gevra toe hy tuisgekom het.


Emmanuel het sy oë gerol. “Dit was oukei,” het hy ernstig geantwoord. “Wat het gebeur?” het Timeo gevra.

“Daar is ’n ou wat my somtyds spot. Hy sê ek weet nie hoe om te dribbel of die bal aan te gee nie. Is ek ’n slegte sokkerspeler?” het Emmanuel gevra.

“Luister,” het Timeo aandagtig gesê, “boelies is oral. Om hulle te ignoreer is soms al wat jy kan doen. Kry vir jou vriende en mense wat vir jou goed is en bring tyd saam met hulle deur.”



Timeo het op die bank gesit, diep ingedagte oor sy gesin. Hy het dit gehaat om te sien hoe sy gesin hulle selfvertroue verloor omdat hulle afgeknou word. Hy het besluit om 'n gesinsvergadering te hou.



Timeo het springmielies gemaak en sy gesin kombuis toe geroep. Hulle het rondom die tafel gesit. Gloria het bekommerd gelyk.

“Het iets slegs gebeur?” het sy bekommerd gevra. Timeo het ernstig na almal om die tafel gekyk.

“Daar is ’n man wat dit vir my moeilik maak om aflewering by sy kantoor te doen. Hy sê hy kan my nie verstaan nie, want ek praat met ’n vreeslike aksent. Ek het oor my vaardigheid in Engels begin twyfel. Ek het begin dink ek moenie eers die moeite doen om Engels te praat nie. Ek het toe vriende gemaak met oom Themba en oom Steven. Die man sê steeds dieselfde lelike goed vir my, maar dit pla my nie meer nie. Ek weet wie my vriende is. Ek sal nooit met daardie moeilike man vriende wees nie; selfs nie as jy my betaal nie,” het hy gesê.




Timeo het na sy gesin gekyk. “Almal van ons het al terneergedruk gevoel. Almal van ons het van ons selfvertroue verloor. Almal van ons het gevoel ons word afgeknou, maar onthou, ons is nie alleen nie. Ons kan mekaar ondersteun en herinner dat ons nie mollig is nie, dat ons nie werke steel nie, nie slegte sokkerspelers is nie, of vuil is nie,” het Timeo gesê. Eva het geglimlag. Gloria het geglimlag. Emmanuel het geglimlag en ’n hand vol springmielies geneem.



Die volgende middag het Timeo vir Eva gewag om na skool by die huis te kom.

“Hoe was dit vandag by die skool?” het hy gevra.

“Dit was ’n bietjie beter,” het Eva met ’n glimlag gesê.



Timeo het vir Gloria gewag om na werk huis toe te kom.

“Hoe was dit vandag by die werk gewees?” het hy gevra.

“Dit was ’n bietjie beter,” het Gloria met ’n glimlag gesê.




Uiteindelik, het Emmanuel by die huis gekom na sy sokkeroefening.

“Hoe was jou sokkeroefening?” het hy gevra.

“Dit was steeds moeilik,” het Emmanuel ernstig geantwoord, “maar ek dink dit sal beter word.”



Timeo het op die bank gesit en diep gedink oor sy gesin. Hy het geweet hulle probleme is nie opgelos nie, maar hy het tog gelukkig gevoel dat hy hulle elkeen kon help om 'n beter dag te hê.





Lees 1

Wie word in die storie geboelie?

Al die gesinslede (Eva, Gloria, Emmanuel) word geboelie.

Watter versnapering het Timeo vir die gesinsvergadering gemaak?

Hy het springmielies gemaak.

Hoekom het Timeo besluit om 'n gesinsvergadering te hou?

- Omdat al die lede van sy gesin soortgelyke probleme ervaar het.
- Omdat hy gedink het dit sal sy gesinslede help om te besef hulle is nie alleen nie – boelies kan 'n invloed op almal se lewens hê.
- Omdat hy sy gesin wou ondersteun.
- Omdat hy sy gesin beter wou laat voel.
- Omdat hy almal in sy gesin wou vertel dat hy ook soms geboelie word.



Lees 2

Hoe dink Timeo moet sy gesin hul gebrek aan selfvertroue oplos?


- Deur boelies te ignoreer.
- Deur vriende te maak met mense wat goed is vir hulle en tyd saam met hulle deur te bring.

Kan jy 'n verbinding maak? Is jy al ooit gespot of geboelie? Wat het jy gedoen om beter te voel?

Ek kan 'n verbinding maak. Toe ek gespot/ geboelie is, het ek ...

Hoekom het Timeo besluit om sy gesin te vertel dat hy by die werk geboelie word?

- Omdat hy 'n verbinding wou maak tussen hul ervarings.
- Omdat hy nie wou hê enigiemand in sy gesin moes alleen voel nie.
- Omdat hy sy gesin wou wys dat sy raad hom gehelp het om beter te voel.
- Omdat hy wou hê sy gesin moes die raad volg wat hy voorgestel het.



VERHAAL 5

LESEGO VOEL ONGEMAKLIK

Tema: Ons liggame



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te besef dat dit belangrik is om te praat as iemand jou ongemaklik laat voel.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie is 'n sensitiewe verhaal. Die doel van die verhaal is om kinders te leer om 'n betroubare grootmens te vertel, indien iemand hulle ongemaklik laat voel.
- Dit kan moeilik wees vir kinders om te praat, veral as hulle die persoon wat hulle ongemaklik maak, ken.
- Meeste kinders wat mishandel word, word seergemaak deur iemand wat hulle ken.



Begripstrategie: Vra vrae / wonder

- Wat is dit: Om te dink aan-, en vrae te vra oor die verhaal terwyl jy lees.
- Waarom ons dit gebruik: Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind terwyl jy lees.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en help jou om die verhaal beter te verstaan. Dit help jou om te voorspel wat in die verhaal gaan gebeur.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
58, 1	Mapule, Lesego se ouer suster, kom die kamer binne. “Wat is verkeerd Lesego?” vra sy. “Niks,” jok Lesego. Mapule gaan sit langs haar. “Ek kan sien iets is verkeerd!” sê sy. “Sê vir my!”	Ek wonder hoekom Lesego bang is om haar sussie te vertel? Miskien is sy bekommerd dat haar gevoelens ander mense kan ontstel of kwaad maak.
65, 1	Toe oom Tumelo uiteindelik kom kuier, het hy nie probeer om die meisies te druk of te soen nie. Hy het net gesê: “Môre, Mapule en Lesego,” en vriendelik vir hulle gewaai.	Ek wonder hoe Lesego nou voel? Sy moet nou besef dat haar gevoelens belangrik was.

Lesego sit bekommerd op haar bed. Haar ma het gesê dat oom Tumelo Sondag vir middageete kom. Lesego hou nie daarvan dat oom Tumelo kom kuier nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar druk nie. Sy hou nie van die manier waarop hy haar op haar lippe soen nie.




Mapule, Lesego se ouer suster, kom die kamer binne.

“Wat is verkeerd Lesego?” vra sy.

“Niks,” jok Lesego.

Mapule gaan sit langs haar. “Ek kan sien iets is verkeerd!” sê sy. “Sê vir my!”



“Ek hou nie daarvan dat oom Tumelo kom kuier nie. Ek voel net... ek weet nie,” sê Lesego. “Moenie vir iemand sê nie! Ek wil nie hê Mamma moet kwaad wees vir my nie!”

“Ek weet hoe jy voel. Ek hou ook nie daarvan as hy my op die lippe soen nie,” sê Mapule. “Ek dink ons moet vir Mamma sê. Dit is ’n ernstige saak as iemand ons ongemaklik laat voel!”



“Nee! Sy gaan kwaad wees vir ons as ons nare goed oor haar broer sê. Ek wil haar nie kwaad maak nie!” huil Lesego.

“Ek weet dit maak ’n mens bang, maar dit is die regte ding om te doen! Miskien kan sy ons beter laat voel. Indien nie, vertel ons haar ten minste saam,” sê Mapule terwyl sy Lesego se hand vashou.



Mapule en Lesego kry hulle ma waar sy besig is om middagete te maak.

“Mamma, ons moet met Ma praat,” sê Mapule dapper. Toe sê Mapule vir hul ma dat oom Tumelo hulle ongemaklik laat voel.



Mamma trek haar asem in. Lesego dink sy is besig om reg te maak om te skree.

“Ek is bly julle het vir my gesê. Julle moet dit nooit geheim hou as iemand julle ongemaklik laat voel nie. Dit is ’n belangrike gevoel wat julle nie moet ignoreer nie. Ek sal met hom praat.”


“Mapule, ek wil nooit hê dat jy of Lesego ooit alleen saam met hom is nie,” sê hul ma ernstig. “Bly altyd bymekaar wanneer julle by oom Tumelo is.”



Lesego en Mapule gaan buitentoe om te speel. Toe sien Lesego deur die kombuisvenster hoe haar ma op die telefoon praat. Lesego is bekommerd oor wat haar ma vir oom Tumelo gaan sê. Sy weet sy moenie luister nie, maar sy kan dit nie help nie. Sy hardloop en gaan sit onder die kombuisvenster.



“Tumelo,” sê haar ma in ’n ernstige stem, “die meisies voel ongemaklik wanneer mans, behalwe hul pappa, hulle druk en soen. Respekteer asseblief hul gevoelens.”



Toe oom Tumelo uiteindelik kom kuier, het hy nie probeer om die meisies te druk of te soen nie. Hy het net gesê: “Môre, Mapule en Lesego,” en vriendelik vir hulle gewaai.





Lees 1

Wie laat Lesego ongemaklik voel?

Oom Tumelo laat haar ongemaklik voel.

Vir wie vertel Lesego dat sy ongemaklik voel?

Sy vertel haar suster, Mapule.

Hoekom wou Lesego vir niemand vertel hoe sy voel nie?

- Omdat sy bekommerd was dat haar gevoelens verkeerd was.
- Omdat sy bekommerd was dat niemand haar gevoelens sal verstaan nie.
- Omdat sy bang was dat haar ma vir haar sou kwaad wees.



Lees 2

Wat laat Lesego ongemaklik voel?

Die manier waarop oom Tumelo haar druk en soen.

Hoekom het Lesego onder die kombuisvenster gaan sit?

- Sodat sy haar ma op die telefoon kon hoor praat.
- Sodat sy kon hoor wat haar ma vir oom Tumelo sê.

Hoe dink jy het Lesego aan die einde van die storie gevoel? Hoekom dink jy so?

- Ek dink Lesego het dankbaar gevoel dat haar suster haar kon help om haar gevoelens uit te druk.
- Ek dink Lesego het verlig gevoel omdat haar ma met haar oom gepraat het.

VERHAAL 6

ZAMA SE SLEGTE DAG

Tema: Ons liggame



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan dat om aanmerkings oor ander se liggame te maak, hulle ongemaklik kan laat voel.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Om oor mense se liggame te praat kan hulle ongemaklik laat voel.
- Kinders word gereeld geterg oor hoe hulle lyk – deur kinders en grootmense. Dit is nie vriendelik nie.
- As iemand 'n kind ongemaklik laat voel, is dit belangrik dat die kind 'n betroubare grootmens vertel.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
69, 2	Zama se gesig voel warm. Sy weet nie wat om te sê nie.	Ek lei af dat Zama ontsteld gevoel het omdat die woorde sê dat haar gesig warm gevoel het – en in die prentjie lyk sy glad nie gelukkig nie!
72, 1	Toe verander haar stemtoon. “Tweedens is dit nie reg nie. Geen volwassene mag kommentaar oor jou lyf lewer nie. Ek is jammer dat dit gebeur het. Ek gaan môre met die skoolhoof gesels.”	Ek lei af dat Zama se mamma baie ontsteld is. Sy klink ernstig en sê dat sy met die skoolhoof gaan gesels oor wat gebeur het.

Zama is baie opgewonde om na die vakansie terug by die skool te wees. Toe sy van die saalbyeenkoms terugloop om in die ry by haar klas te gaan staan, sê mnr. Matsebula, “O, Zama, jy het gewig opgetel! Jy lyk nogal vet.”

Zama se gesig voel warm. Sy weet nie wat om te sê nie.





Die res van die dag voel Zama selfbewus. Sy trek haar trui aan, selfs al is dit baie warm in die klaskamer. “Miskien sal dit my lyf wegsteek,” dink sy. Toe Zama se pa haar by die skool oplaai, val sy op die agtersitplek neer.

“Wat is fout, Zama?” vra hy.

“Ek wil nie daaroor praat nie,” sê Zama sag.

Later daardie aand, toe Zama se ma na werk by die huis kom, klop sy aan Zama se slaapkamerdeur. “Hoe was jou dag by die skool?” vra sy.

“Mnr. Matsebula sê ek het gewig opgetel. Hy het gesê ek is vet,” sê Zama. “Is ek vet?” vra Zama.

“Eerstens, alle lywe is goeie lywe,” antwoord Zama se ma met deernis. “Jy is pragtig, dit maak nie saak hoeveel jy weeg nie.”





Toe verander haar stemtoon. “Tweedens is dit nie reg nie. Geen volwassene mag kommentaar oor jou lyf lewer nie. Ek is jammer dat dit gebeur het. Ek gaan môre met die skoolhoof gesels.”

“Nee, Mamma! Wat gaan mnr. Matsebula dink? Hy gaan my haat!” huil Zama.

“Zama, ons gaan nie hierdie saak hier los nie. Dit moes nie met jou gebeur het nie en dit moenie met enige ander leerders by jou skool gebeur nie,” sê haar ma ferm.

Laat daardie aand hoor Zama hoe haar ouers praat terwyl sy in die bed lê.

“Ek voel baie ongemaklik oor ’n onderwyser wat so met Zama praat – ek dink nie dit is van pas om aanmerkings oor haar lyf te maak nie,” sê Zama se ma.

“Niemand by die skool moet Zama ongemaklik laat voel nie – veral nie ’n onderwyser nie!” stem Zama se pa saam.



Daardie nag lê Zama in haar bed en bekommer haar oor wat gaan gebeur as haar ma met die skoolhoof, mev. Nyeko, praat.





Die volgende middag kom albei Zama se ouers om haar op te laai. Zama speel buite terwyl haar ouers na die skoolhoof se kantoor toe gaan. Zama probeer op haar speletjie konsentreer, maar sy vergeet die heeltyd wie “aan” is. Al waaraan sy kan dink, is wat binne-in die kantoor gesê word.

Uiteindelik roep Zama se ma haar. Zama hou haar ma se hand vas toe hulle mev. Nyeko se kantoor binnegaan.

“Zama, ek is jammer dat ek kommentaar gelever het oor jou lyf en jou ongemaklik laat voel het,” sê mnr. Matsebula. “Ek het nie besef dit sal jou ontstel nie, maar nou besef ek dat ek verkeerd was. Alle lywe is goeie lywe en ek moenie iemand volgens hulle gewig beoordeel nie.”




Nadat mnr. Matsebula die vertrek verlaat het, kyk mev. Nyeko ernstig na Zama. “Zama, dit is nie reg dat enigiemand kommentaar oor jou lyf lewer nie. Dankie dat jy dit onder my aandag gebring het,” sê sy.



Die volgende oggend met die saalbyeenkoms praat mev. Nyeko met die hele skool oor hoe jy bedagsaam en respekvol moet wees. “Ons kom in verskillende vorms en groottes en elke vorm en grootte is hier van waarde,” kondig sy aan.

Tasneem draai na Zama, “Dankie dat jy dapper genoeg was om iets te sê. Ek hoop nie Meneer sê ooit weer sulke goed nie.”





Lees 1

Wie het vir Zama vertel dat sy nogal vet lyk?

Mnr. Matsebula het vir Zama vertel dat sy nogal vet lyk.

Hoe het Zama gevoel toe mnr. Matsebula kommentaar oor haar gewig gelewer het?

Sy was ontsteld/ongemaklik/selfbewus/skaam, ens.

Hoekom het Zama die hele dag 'n trui by die skool gedra, selfs al was dit warm?

- Omdat mnr. Matsebula gesê het sy lyk vet.
- Omdat sy ongemaklik gevoel het dat mnr. Matsebula kommentaar gelewer het oor haar gewig.
- Omdat sy nie wou gehad het iemand anders moet haar lyf oordeel nie.
- Omdat mnr. Matsebula haar laat sleg voel het oor haar lyf.



Lees 2

Wat het Zama gedoen terwyl haar ouers in die kantoor was?

Sy het 'n speletjie saam met haar vriende gespeel.

Hoekom kon Zama nie op haar speletjie konsentreer nie?

- Omdat sy bekommerd was oor wat in die kantoor gebeur.
- Omdat sy te bekommerd was om te fokus op die speletjie.

Hoekom het Zama se ouers met mev. Nyeko gaan praat?

- Omdat mnr. Matsebula gesê het dat Zama vet is en dit haar ontstel het.
- Omdat Zama se ouers kon sien dat Zama baie ontsteld is oor wat mnr. Matsebula gesê het.
- Omdat Zama se ouers ontsteld was dat mnr. Matsebula vir Zama laat sleg voel het.
- Omdat Zama se ma ongemaklik gevoel het. Sy dink nie 'n onderwyser behoort sulke aanmerkings oor leerders se lywe maak nie.
- Omdat hulle nie wil hê enigiemand moet Zama ongemaklik laat voel by die skool nie.
- Omdat Zama se ouers lief is vir haar en haar wil beskerm.
- Omdat alle lywe goeie lywe is en ander nie moet kommentaar lewer oor jou gewig nie.



VERHAAL 7

MANDU SE GEHEIME DAGBOEK



Tema: Ons los raaisels op



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit het onlangs plaasgevind.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer oor leidrade te leer en hoe om dit te gebruik om 'n raaisel op te los.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Raaisel is iets waaroor ons nog nie iets weet nie – dit is soos 'n legkaart wat ons moet bou of 'n vraag wat ons moet antwoord. Dit is amper soos wanneer jy nie jou speelding kan vind nie. Jy kan jouself vra: “Waar is my speelding nou heen?” Dit is 'n raaisel.
- Leidrade is klein stukkies inligting wat 'n mens help om die antwoord te vind. Dit is die tekens wat ons opmerk en wat ons 'n storie vertel.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
85, 4	“Ek wed jou dit is my jonger broer,” het Mandu gesê. “Thabo het altyd vuil vingers nadat hy buite gespeel het!”	Ek kan hier ’n verbinding maak met die polisie. Anna en Mandu soek vir leidrade om die misdaad op te los – net soos die polisie.
87, 1	“Kyk na hierdie blonde haar!” het Mandu gesê toe sy die kort blonde haar vir Anna wys. “Hierdie is ’n belangrike leidraad,” het sy gesê. “Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het...”	Anna en Mandu versamel leidrade om uit te werk wie die dagboek gelees het – net soos wat die polisie bewyse versamel wanneer hulle ’n misdaad oplos.

Mandu het daarvan gehou om te skryf. Sy het veral daarvan gehou om in haar spesiale dagboek te skryf. Sy het elke dag die gebeure van die dag neergeskryf. Sy het haar persoonlike geheime neergeskryf. Skryf het haar gehelp om haar kop skoon te kry. Dit het gehelp om haar te kalmeer. Dit het haar gehelp om gelukkig te voel.





Mandu wou nie hê enigiemand moes haar geheime lees nie. Daarom het sy geweet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek moes vind.

Sy het in haar kamer rondgekyk en gedink waar die veiligste wegsteekplek vir haar dagboek sou wees. Uiteindelik het sy besluit om dit onder haar bed weg te steek.

“Niemand sal dit ooit daar vind nie!” het sy gedink.

Een middag toe Mandu en haar vriendin, Anna, na skool by haar huis gekom het, het Mandu haar dagboek wawydoop op haar kamervloer gevind. Mandu se gesig het warm gevoel. Haar hart het vinnig begin klop.

“Agge nee! Kyk Anna! Iemand het my dagboek gelees!” het sy gegil.

“Ons kan uitvind wie dit was!” het Anna kalm gesê.
“Ons sal dagboek-speurders wees.”

Mandu en Anna het die dagboek ondersoek.

“Kyk na hierdie vuil vingerafdrukke,” het Anna gesê.
“Hierdie is ’n goeie leidraad! Aan wie kan jy dink wat vuil vingers het?”

“Ek wed jou dit is my jonger broer,” het Mandu gesê.
“Thabo het altyd vuil vingers nadat hy buite gespeel het!”

“Kom ons gaan soek hom. Ons moet hom vrae vra om uit te vind of dit hy was!” het Anna gesê.



Mandu het haarself verbeel dat Thabo al haar geheime gelees het, maar toe onthou sy dat haar broer net 5 jaar oud was en hy nog nie kon lees nie!

“Wag! Dit kon nie hy gewees het nie! Hy kan nie lees nie!” het Mandu laggend gesê.

“Kom ons soek ander leidrade,” het Anna gesê. Mandu het die dagboek bladsy vir bladsy bestudeer.





“Kyk na hierdie blonde haar!” het Mandu gesê toe sy die kort blonde haar vir Anna wys. “Hierdie is ’n belangrike leidraad,” het sy gesê.

“Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het? Wie ken ek met blonde hare?” het sy gevra terwyl sy agterdogtig na Anna se blonde hare kyk.

“Dit was nie ek nie! Ek belowe!” het Anna gesê. “Dit is in elk geval ’n baie kort, blonde haar. My hare is lank!”



“Ons sal ’n lokval moet stel om te sien wie ons kan vang wat die dagboek lees,” het Mandu gesê. Mandu het haar dagboek weer onder haar bed weggesteek. Sy het ’n bietjie meel op die vloer langs haar bed gestrooi.

“As enigiemand naby my dagboek kom, sal ek hulle voetspore in die meel sien,” het Mandu verduidelik.

Die meisies het om die hoek weggekruip en gewag. Na 'n rukkie het hulle krapgeluide gehoor wat van binne-in die kamer gekom het.



Hulle het terug in Mandu se kamer ingehardloop.

“Het jou!” het Anna uitgeroep. Maar daar was niemand daar nie! Niemand behalwe Buks, Mandu se hond, nie. Die vloer was vol wit voetspore. Buks se neus was in Mandu se dagboek! Mandu het begin lag, “Dit moes Buks se blonde haar in die dagboek gewees het!”

“Lawwe Buks!” het Anna gesê. “Jy het ’n baie beter wegsteekplek nodig!”

“Jy is reg!” het Mandu gesê. “Maar ek sal later ’n beter plek vind – dit moet ’n geheim wees. Selfs jy mag nie weet waar ek dit wegsteek nie.”





Lees 1

Watter leidrade het Anna en Mandu gevind?

Hulle het vuil vingerafdrukke, 'n blonde haar en uiteindelik melerige voetspore van 'n hond gevind.

Wie het toe eintlik Mandu se dagboek gelees?

Dit was haar hond.

Hoekom het Mandu gedink Anna het haar dagboek gelees?

- Omdat sy 'n blonde haar gevind het.
- Omdat niemand in Mandu se gesin blonde hare het nie.
- Omdat Anna so gretig was om te help. Dit was baie agterdogtig.



Lees 2

Oor wie het Mandu agterdogtig gevoel?

Sy het agterdogtig gevoel oor haar klein boetie en Anna.

Hoe het Mandu en Anna uitgevind wie die dagboek gelees het?

Hulle het vir leidrade gesoek en toe 'n lokval gestel.


Hoekom het Mandu 'n beter wegsteekplek vir haar dagboek nodig?

- Omdat 'n dagboek veronderstel is om 'n geheim te wees.
- Omdat haar hond, Buks, maklik die dagboek gekry het.
- Omdat Anna nou weet waar die dagboek weggesteek word, so dit is nie meer 'n geheime wegsteekplek nie.



VERHAAL 8

WEGKRUIPERTJIE



Tema: Ons los raaisels op



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan wat 'n raaisel is.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Vra leerders of hulle al ooit die speletjie, Wegkruipertjie, gespeel het.
- Hersien die reëls: Een persoon tel die tyd af terwyl die ander wegkruip. Die persoon wat getel het moet dan almal wat wegkruip, gaan soek.
- As 'n speler goed wegkruip en dit moeilik is om hulle te vind, dan is dit 'n raaisel waar hulle wegkruip.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
101, 1	“Hulle het my nie gekry nie!” dink Siviwe. Hy giggel binne die drom.	Ek lei af dat Siviwe die beste wegkruipplek het, want niemand kon hom vind nie – en hulle speel nou al ’n tweede rondte wegkruipertjie!
106, 7	Hulle kyk in al die gewone wegkruipplekke, maar hulle kry hom nêrens nie.	Dit is ’n raaisel! Hulle weet nie waar Siviwe wegkruip nie! Ek kan hieruit aflei dat dit die eerste keer is wat iemand in die drom wegkruip, want niemand dink daaraan om in die drom te gaan soek nie.

Op 'n warm somermiddag besluit die kinders van Tsomo om wegkruipertjie te speel.

“Ek sal tel!” bied Lungi aan. Sy begin hardop tel:
“1-2-3-4-5...”

Die kinders hardloop almal in verskillende rigtings om die beste wegkruipplek te kry.



Lumka draf na die bosse toe. Sy kruip onder een in. Avela hardloop na die bos met bome. Sy maak haar lyf so reguit moontlik en gaan staan agter die langste een.





Ntsikelelo hardloop in die paadjie af en kry 'n sloot langs die pad. Hy gaan lê in die sloot.

Hlobisa draf na 'n groot klip toe. Hy buk af en kruip daaragter weg.



Ouma Nkomo help Siviwe om in haar drom te klim. Sy tel hom in. “Jy moet nooit die drom se deksel opsit as jy daarbinne wegkruip nie! Dit is baie gevaarlik!” Ouma Nkomo sit die deksel langs die drom neer en gaan binnetoe.



“Gereed of nie, hier kom ek!” skree Lungi.

Lungi draf na die bosse toe. “Ek het jou gekry!” sê sy en wys na Lumka.

Lungi en Lumka hardloop na die bos met bome toe. “Het jou!” sê hulle en roep vir Avela.

Lungi, Lumka en Avela draf in die paadjie af totdat hulle Ntsikelelo se rooi hemp in die sloot sien. “Het jou!” sê hulle en roep vir Ntsikelelo.

Lungi, Lumka, Avela en Ntsikelelo loop na die groot klip toe. Hulle hoor Hlobisa hoes. “Het jou!” lag hulle en wys na Hlobisa.


Siviwe was nog in die drom.



“Kom ons speel weer!” sê Lumka. Almal vergeet van klein Siviwe.

Sy tel weer hardop: “1-2-3-4-5...”

Avela, Ntsikelelo, Hlobisa en Lungi spat uitmekaar en hardloop na nuwe wegkruipplekke toe.



“Hulle het my nie gekry nie!” dink Siviwe. Hy giggel binne-in die drom.



Avela draf na 'n ou geroeste motor. Sy kruip daaronder in.


Ntsikelelo hardloop na die naaste huis toe. Hy staan teenaan die muur, agter die huis.



Hlobisa hardloop met die paadjie af en kry 'n hoop grond, Hy gaan lê agter die hoop.

Lungi hardloop na die hek toe. Sy buk laag af en kruip daaragter weg.

Siviwe hurk selfs laer in die drom.



“Gereed of nie, hier kom ek!” skree Lumka.

Lumka draf tot by die ou geroeste motor. “Het jou!” skree sy. Sy buk langs die motor en steek haar kop daaronder in.

Lumka en Avela hardloop na die naaste huis toe. “Het jou!” sê hulle en roep vir Ntsikelelo.

Lumka, Avela en Ntsikelelo hardloop in die paadjie af totdat hulle Hlobisa se gehoes hoor. “Het jou!” sê hulle en lag saam. Lumka, Avela, Ntsikelelo en Hlobisa loop saam na die hek toe.

Hulle sien Lungi se blou skoene.

“Het jou!” lag hulle en wys na Lungi se voete.

Siviwe is steeds in die drom, vas aan die slaap!



“Kom ons speel nog een rondte!” sê Avela.

“Ek sal tel!” bied Avela aan.

Hulle speel nog ’n rondte. Hulle tel en kruip weg tot die son amper ondergaan.



“Kom ons gaan huis toe voor dit donker word!” sê Ntsikelelo. “Kom ons gaan, Siviwe,” sê hy terwyl hy rondkyk vir sy klein boetie. Toe eers besef hy dat Siviwe die grootste deel van die dag weg was!

Lumka draf na die bosse toe. Geen Siviwe nie.

Avela hardloop na die bos met bome toe. Geen Siviwe nie.

Ntsikelelo draf in die paadjie af en kry die sloot. Geen Siviwe nie.

Hlobisa hardloop na die groot klip toe. Geen Siviwe nie.


Lungi hardloop na die hek toe. Geen Siviwe nie.

Hulle kyk in al die gewone wegkruipplekke, maar hulle kry hom nêrens nie.

Die maats begin sy naam hard uitroep: “Siviwe! Waar is jy?” roep hulle.

Uiteindelik hoor Siviwe hulle in die drom. Hy staan op, maar hy is te klein om bo by te kom.

“Hier is ek! Hier is ek!” roep Siviwe uit.



Die maats hardloop na waar Siviwe se stem vandaan kom.

Ntsikelelo steek sy arms in die drom en trek sy klein boetie uit.

“Ek wen!” sê Siviwe. Almal begin te lag.





Lees 1

Waar het Siviwe weggekruip?

Binne-in die drom.

Hoe het Siviwe binne-in die drom gekom?

Ouma Nkomo het hom ingehelp. /Sy het hom ingetel.

Hoekom het Siviwe die hele dag in die drom deurgebring?

- Omdat niemand hom kon vind nie.
- Omdat hy die beste wegkruipplek gehad het.
- Omdat niemand gekom het om Siviwe te vind nie.
- Omdat sy maats soveel pret gehad het dat hulle nie besef het Siviwe is nie daar nie.
- Omdat Siviwe binne-in die drom aan die slaap geraak het.



Lees 2

Wie het eerste aangebied om te tel?

Lungi het eerste aangebied om te tel.

Hoe het Siviwe geweet hy het die beste wegkruipplek?

- Omdat niemand hom die hele dag kon vind nie.
- Omdat hy die speletjie gewen het.

Hoe kan ons aflei dat die kinders pret gehad het terwyl hulle wegkruipertjie gespeel het?

- Omdat hulle die een rondte na die ander gespeel het.
- Omdat hulle gespeel het totdat dit amper donker was.
- Omdat hulle so besig was om te speel dat hulle nie eens agtergekom het een van hulle maats is weg nie.





KWARTAAL 2



KAART VAN SUID- AFRIKA



Katryn
gebruik
skerms

Noord-Kaap




Wes-Kaap

Kobus
op die
verhoog



Atlantiese
Oseaan



Limpopo

Mpumalanga

Gauteng

Noordwes

Vrystaat

KwaZulu-Natal

Indiese Oseaan

Oos-Kaap

Die verfkwas

Bly veilig
Lenie

Bennie
voel
hartseer

Sandra
gebruik die
internet

Werner
en die
rivierbedding

Die wyse
seun

KWARTAAL 2 VERHALE



1. Kobus op die verhoog

115



2. Bennie voel hartseer

129



3. Sandra gebruik die internet

143



4. Katryn gebruik skerms

157



5. Bly veilig Lenie

173



6. Werner en die rivierbedding

187



7. Die verfkwas

203




8. Die wyse seun

217

VERHAAL 1

KOBUS OP DIE VERHOOG

Tema: Ons voel



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat dit normaal is om opgewonde of senuweeagtig te voel wanneer hulle iets nuuts probeer. Dit wys die leerders dat wanneer hulle oefen, dapper is, en aanhou probeer, hulle meer selfvertroue sal kry en hulle doelwitte sal bereik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Skoolopvoering is wanneer kinders 'n verhaal op 'n verhoog, voor ander mense, opvoer. Daar is karakters, kostuums, en 'n gehoor wat kyk.
- 'n Oudisie is 'n proeflopie. Leerders vertolk reëls of speel toneel om te wys dat hulle gereed is om 'n rol in die toneelspel te kry.
- Akteurs oefen hulle reëls en gesigsuitdrukkings gereed voor die regte optrede. Repetisies help hulle om gereed te voel.
- Soms kan ons gemengde gevoelens hê oor iets. Dit beteken dat ons gelyktydig verkillende gevoelens kan voel. Soos, soms voel ons opgewonde en senuweeagtig op dieselfde tyd. Dit is normaal, veral voordat iets belangriks gebeur.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
125, 1	Toe Kobus die eerste keer op die verhoog kom, was sy stem wankelrig. Sy hande het gebewe.	Ek kan aflei dat Kobus senuweeagtig was toe hy vir die eerste keer op die verhoog gekom het omdat sy stem wankelrig was en sy hande gebewe het.
125, 1	Hy het sy eerste reël gesê. Hy het dit onthou. Hy het sy tweede reël gesê. Kobus het begin ontspan. Hy het selfversekerd gevoel. Sy stem het sterker geklink. Sy hande het ophou bewe.	Ek kan aflei dat toe Kobus sy eerste paar reëls onthou het, hy besef het dat hy dit kan doen. Dit is wat hom gehelp het om meer selfversekerd te voel.

Kobus het daarvan gedroom om 'n akteur te word. Vandag was sy eerste kans op roem. Dit was oudisiedag vir die skool se toneelstuk. Kobus het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Hy het gereed gevoel. Maar toe hy sy beurt afwag om op die verhoog te verskyn, was sy maag vol vlinders.



Na sy oudisie, het Mev. Eloff hom vertel dat die rolverdeling die volgende oggend buite die saal opgeplak sou word. Kobus het gevoel dat sy oudisie goed verloop het. Hy was nogtans bekommerd dat hy teleurgesteld sou wees as hy nie die rol gekry het nie. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou.



Toe Kobus by die skool kom, het hy na die saal toe gehardloop. Sy naam was op die lys! Hy is vir die rol gekies wat hy graag wou hê.



Hy het na die speelgrond toe gehardloop om sy maats te vertel. Dit was so vroeg, daar was niemand nie. Die nuus was reg om uit sy mond te bars. Toe hy uiteindelik vir Andries deur die skoolhek sien aankom, het hy sy nuus oor die speelgrond vir hom geskreeu.



Vir weke en weke, het Kobus na skool toneel oefening bygewoon. Hy het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Die dag voor die groot vertoning het hy gereed gevoel. Hy kon nie wag om voor almal op die verhoog te verskyn nie.




Die aand voor die vertoning, het Kobus in sy bed gelê en gedink hoe die ander kinders sy toneelspelvaardighede sou bewonder. Hy het daaraan gedink hoe al die ander kinders vir hom sou hande klap, na hy sy perfekte vertoning gelever het. Hy was ook bekommerd dat hy 'n gemors van sy vertoning sou maak of so het hy gedink. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou.



Die volgende dag het Kobus sy beurt afgewag om op die verhoog te verskyn. Toe hy na die gehoor loer, kon hy nie wag om op te tree nie. Hy sou by die skool beroemd wees! Terselfdetyd wou hy weghardloop. Hy het begin sweet toe hy dink hy moet al sy woorde onthou.



Kobus het diep ingeasem toe hy op die verhoog stap.



Toe Kobus die eerste keer op die verhoog kom, was sy stem wankelrig. Sy hande het gebewe. Hy het sy eerste reël gesê. Hy het dit onthou. Hy het sy tweede reël gesê. Kobus het begin ontspan. Hy het selfversekerd gevoel. Sy stem het meer kragtig geklink. Sy hande het ophou bewe.



Aan die einde van die vertoning, het Kobus en die ander lede van die toneelgroep in die middel van die verhoog gestaan en die applous in ontvangs geneem. Hy het na die applous en die toejuiging geluister. Hy het gestraal. Hy was trots op homself. Hy kon nie wag om sy volgende rol te speel nie. Hy het begin voel dat al sy drome kan waar word!





Lees 1

Watter verskillende gevoelens het Kobus deur die storie ervaar?

Opgewondenheid, senuweeagtigheid, angs, bekommernis, trots, ens.

Sal jy soos Kobus op die verhoog wil wees? Hoekom of hoekom nie?

- Ek wil graag op die verhoog wees, want ...
- Ek wil nie op die verhoog wees nie, want ...

Dink aan 'n keer toe jy iets nuuts probeer het. Hoe het jy voor die tyd, gedurende- en na die tyd gevoel?

Ek het ... gevoel



Lees 2

Hoe kan ons aflei dat Kobus senuweeagtig gevoel het?

- Omdat hy vlinders in sy maag gehad het.
- Omdat hy nie kon slaap nie.
- Omdat hy van die verhoog wou weghardloop.
- Omdat hy gesweet het.

Het jy al ooit meer as een gevoel op dieselfde tyd ervaar?

Ek het ... en ook ... gevoel toe ...

Hoekom het Kobus terselfdetyd opgewonde en senuweeagtig gevoel?

- Omdat dit die eerste keer was dat hy in 'n toneelstuk speel.
- Omdat hy graag in die toneelstuk wou wees, maar dit kan skrikkerig wees om iets nuuts te probeer.
- Omdat hy opgewonde was om goed te doen, maar ook senuweeagtig was dat hy nie sal goed doen nie.



VERHAAL 2

BENNIE VOEL HARTSEER

Tema: Ons voel



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat die beste manier om te help wanneer iemand hartseer voel, veral nadat hulle iemand waarvoor hulle lief is verloor het, is om maatslikheid en medelye te wys. Sê: "Ek is jammer" en wees daar om na hulle te luister.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Wanneer iemand sterf, hou hulle liggame op werk en kan hulle nie terugkom nie. Die mense wat vir hulle lief was voel dan meestal baie hartseer.
- Treur is die naam vir die diep hartseer wat ons voel wanneer iemand waarvoor ons lief is sterf.
- Mense wys op verskillende maniere dat hulle hartseer is. Party mense huil. Ander mense is baie stil. Party mense slaap baie. Sommige mense mag dalk vir 'n lang tyd nie glimlag nie.
- Wanneer 'n maat hartseer is, hoef ons hulle nie altyd beter te laat voel nie. Soms is die beste ding wat ons kan doen om vir hulle te sê dat ons jammer is en dan by hulle te sit terwyl hulle hartseer is. Dit kan help dat iemand minder alleen voel, selfs al is hulle steeds hartseer.



Begripstrategie: Maak afleidings


- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
133. 1	“Miskien kan ek Bennie laat lag as ek vir hom al my beste grappe vertel!” dink Koos. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!” Koos dink aan al sy goeie grappe. Hy skryf hulle op ’n stuk papier neer en sit dit in sy skoolsak.	Ek kan aflei dat Koos sy maat wil help om te vergeet van sy hartseer gevoel. Hy dink dat lag sy maat beter sal laat voel.
139, 1	Vrydagoggend kry Koos vir Bennie by die skool. “Ek is regtig jammer oor jou ouma wat oorlede is,” sê Koos. “Ek het nie geweet hoe om jou te laat beter voel nie. Ek kan net by jou sit as dit is wat jy wil hê. As jy wil praat oor jou hartseer, is ek hier om te luister,” sê Koos.	Koos het sy ma se raad gevolg. Ek kan aflei dat Koos regtig vir sy maat omgee en hom wil laat beter voel.

Koos se maat Bennie het nie Maandag of Dinsdag skool toe gekom nie. Koos wonder waar sy maat kan wees.



Toe Koos Dinsdag na skool by die huis kom, vertel sy ma hom dat Bennie se ouma oorlede is. Bennie was altyd saam met sy ouma. Koos dink aan hoe hartseer Bennie moet voel.

“Ek moet probeer om my maat beter te laat voel,” dink Koos. Hy dink en dink oor wat om te doen.



“Miskien kan ek Bennie laat lag as ek vir hom al my beste grappe vertel!” dink Koos. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!” Koos dink aan al sy goeie grappe. Hy skryf hulle neer op ’n stuk papier en sit dit in sy skoolsak.



Woensdagoggend, kry Koos vir Bennie by die skool. Koos dink dit mag dalk vir Bennie hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Koos sê niks nie en begin om vir Bennie al sy grappe te vertel. Na elkeen kyk hy of Bennie glimlag, maar Bennie lyk net hartseer.



Woensdagaand, dink Koos aan wat hy nog kan doen om sy maat beter te laat voel.

“Miskien kan ek Bennie laat beter voel as ek hom nuwe gooitoertjies wys,” dink Koos. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!”

Koos kry lemoene in die kombuis. Hy neem hulle buitentoe en oefen om dit te gooi, totdat hy drie gelyk in die lug kan hou!



Donderdagoggend kry Koos vir Bennie by die skool. Koos dink dit mag dalk vir Bennie hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Koos sê niks nie. In plaas daarvan, haal hy sy lemoene uit en wys sy nuwe toertjie vir Bennie. Hy hou al drie lemoene gelyk in die lug, hy dink dit is nogal indrukwekkend. Hy kyk vir 'n glimlag op Bennie se gesig, maar Bennie lyk net hartseer.



Toe Koos Donderdag na skool by die huis kom, voel hy ontsteld.

“Ek het probeer en probeer om Bennie nie hartseer te laat voel nie!” sê Koos vir sy ma. “Ek het vir hom grappe vertel en ek het hom my beste gooitoertjies gewys, maar niks werk nie!” sê Koos.

“Het jy vir hom gesê jy is jammer dat sy ouma oorlede is?” vra Koos se ma.

“Nee. Ek het gedink dit sal Bennie laat slegter voel as ek oor sy ouma praat,” antwoord Koos.



Koos se ma gaan sit langs hom. “Bennie voel hartseer, want hy was lief vir sy ouma. Jy moenie probeer om hom van sy hartseer te laat vergeet nie. Soms, wanneer ons hartseer is, het ons net nodig dat ons maats by ons is en na ons luister,” sê Koos se ma.




Vrydagoggend kry Koos vir Bennie by die skool.

“Ek is regtig jammer oor jou ouma wat oorlede is,”
sê Koos. “Ek het nie geweet hoe om jou te laat beter
voel nie. Ek kan net by jou sit as dit is wat jy wil hê. As
jy wil praat oor jou hartseer, is ek hier om te luister,”
sê Koos.



Vir die eerste keer daardie week, kyk Bennie na Koos met 'n klein glimlag.

“Dankie, Koos. Jy is 'n goeie maat,” sê Bennie.





Lees 1

Hoekom was Bennie Maandag en Dinsdag afwesig by die skool?

Omdat sy ouma oorlede is.

Wat het Koos Woensdag gedoen om sy maat beter te laat voel?

Hy het vir sy maat grappe vertel om hom te laat lag.

Wie het vir Koos in die storie gehelp?

Koos se ma het hom gehelp!

Hoekom het Koos grappe vertel en gooitoertjies gedoen?

- Omdat hy sy maat Bennie wou laat beter voel.
- Omdat hy gedink het grappe en toertjies gaan Bennie laat vergeet van sy hartseer.
- Omdat hy omgee en sy maat wil help.
- Omdat hy nie geweet het wat om te doen om sy maat beter te laat voel nie. Hy het die beste probeer wat hy kon!



Lees 2

Wanneer was Bennie afwesig?

Maandag en Dinsdag.

Wat het Koos gedoen om te probeer om sy maat beter te laat voel?

- Hy het vir hom snaakse grappe vertel.
- Hy het gooitoertjies geleer.
- Op die ou einde, het hy aangebied om na sy maat te luister!

Hoekom kan ons aflei dat Koos gefrustreerd gevoel het teen Donderdagaand?

- Omdat hy nie sy maat beter kon laat voel nie.
- Omdat hy hard gewerk het, maar niks wat hy probeer het, het gehelp nie!
- Omdat hy nie geweet het wat om nog te doen nie!

Hoekom het Bennie uiteindelik vir Koos geglimlag?

- Omdat Koos uiteindelik vir Bennie gesê het hy voel jammer oor sy ouma.
- Omdat Koos aangebied het om na Bennie te luister.
- Omdat Koos nie probeer het om Bennie te laat vergeet van sy ouma nie.
- Omdat Koos vir Bennie gesê dit is reg as hy hartseer voel.



VERHAAL 3

SANDRA GEBRUIK DIE INTERNET

Tema: Ons gebruik tegnologie



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat tegnologie, soos die internet en selfone, ons kan help om inligting te kry en nuwe dinge te leer, wanneer ons dit wys gebruik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Die internet is 'n hulpmiddel wat mense en inligting reg oor die wêreld verbind. Ons kan op die internet na antwoorde vir ons vrae soek.
- Wanneer ons iets wil weet kan ons 'n vraag in 'n soekenjin intik (soos Google) om video's, prente, en artikels te vind.
- Ons kan op 'n rekenaar of foon toegang tot die internet kry. Ons kan aan die internet koppel deur WiFi of data. Data kos geld en laat jou toe om jou telefoon aan die internet te verbind.
- Tegnologie verskaf aan ons inligting, maar dit kan nie namens ons dink nie. Ons moet steeds self lees, analiseer en optree volgens wat ons leer.



Begripstrategie: Soek en onthou besonderhede

- Wat is dit: Om belangrike besonderhede soos karakters, plek en gebeure te soek en onthou.
- Waarom ons dit gebruik: Om by te hou met wat gebeur het en die verhaal beter te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal te praat en die volgorde van gebeure te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
147, 2	“Hoe kan ek seker maak my aarbeie groei behoorlik?” wonder Sandra.	Wat wonder Sandra? O! Sy wonder hoe om die saadjies behoorlik te laat groei.
150, 1	Daardie aand bel Sandra se ouer suster, Wilna uit Johannesburg. Mamma gee die telefoon vir Sandra. “Watter nuus is daar?” vra Wilna.	Met wie praat Sandra oor die telefoon? O! Sy praat met Wilna, haar ouer suster, oor die telefoon.

Sandra is mal oor aarbeie, maar aarbeie is so duur in die winkel!

Eendag soek Sandra se ma vir pampoensade. Mamma draai die rak, opsoek na die saad.

Dan sien Sandra 'n pakkie aarbeisaad!

“Mamma, kan ons asseblief hierdie saad koop?” vra sy.

Mamma kyk na die prys: R28. “Sjoe! Hulle is nie goedkoop nie!” sê sy, maar sy knik haar kop en neem die saad.



By die huis gee Sandra se ma haar pakkie aarbeisaad vir haar. “Ek het nog nooit hierdie geplant nie!” sê Mamma. “Jy sal moet uitvind hoe om hulle behoorlik te laat groei.”

“Ek het gedink alle plante is dieselfde?” vra Sandra.

“Verskillende plante het verskillende goed nodig,” verduidelik haar ma. “Sommige plante het net ’n bietjie son nodig. Ander plante het baie son nodig. Sommige plante het net ’n klein bietjie water nodig. Ander plante het baie water nodig!”



Sandra wil nie haar arbeisaadjies mors nie, hulle was so duur!

“Hoe kan ek seker maak my aarbeie groei behoorlik?” wonder Sandra.



Sandra gaan buitentoe. Sy sien hulle buurvrou, Ouma Nelie, in die son sit. “Goeiemôre Ouma,” sê sy.

“Ja, hallo,” sê Ouma Nelie.

“Het jy al ooit aarbeie geplant?” vra Sandra.

“Nee, ek het nie,” sê sy.



Die volgende oggend na kerk, sien Sandra haar suster se vriendin, Lindi. “Hallo Lindi,” sê sy.

“Haai Sandra,” groet Lindi.

“Het jy al ooit aarbeie geplant?” vra Sandra.

“Nee, ek het nie. Jammer!” sê sy.



Daardie aand bel Sandra se ouer suster, Wilna, uit Johannesburg. Mamma gee die telefoon vir Sandra.

“Wat is nuus?” vra Wilna.

“Nie veel nie. Mamma het vir my ’n pakkie aarbeisaad gekoop! Ek wil hulle plant, maar ek weet nie hoe nie,” sê sy.

“Jy kan enige iets op die internet kry!” sê Wilna.

“Gebruik Mamma se telefoon,” sê sy. “Ek sal vir jou data stuur.”



Daardie aand maak Mamma die internet oop vir Sandra. “Wilna het vir jou data gestuur,” sê Mamma en gee vir Sandra die telefoon. Die bokant van die blad sê ‘Google’.


“Wat moet ek doen?” vra Sandra.

“Tik hier in wat jy nodig het,” verduidelik Mamma.

Sandra tik in: Hoe plant ek aarbeie? Dan kliek sy op die soekknoppie.



'n Paar sekondes later, kom 'n lys van video's en artikels op. Sandra kliek 'speel' op 'n video.



Terwyl Sandra na die video kyk, leer sy baie dinge.

Sy leer dat aarbeiplantjies 8 ure sonlig elke dag nodig het. Sy leer dat hierdie plantjies baie water nodig het. Sy leer dat sy vir ten minste 4 weke moet wag om enige vruggies te kry.



Die volgende dag na skool, gaan Sandra buitentoe met haar saadjies.

Sy plant die saadjies in 'n sonnige deel van hulle erf. Sy plant die saadjies in houers, net soos wat sy op die video gesien het. Sy gee die saadjies water.

Sy kan nie wag vir die vruggies om te kom nie!





Lees 1

Wat het Sandra se ma vir haar by die winkel gekoop?

Sy het vir haar 'n pakkie aarbeisaad gekoop.

Wat het Sandra gebruik om te leer hoe om aarbeisaadjies te plant?

Sy het haar ma se telefoon gebruik. Sy het Google gebruik. Sy het die internet gebruik.

Wat het Sandra geleer oor die aarbeie wat sy wou plant?

- Sy het geleer dat aarbeiplantjies 8 ure sonlig elke dag nodig het.
- Sy het geleer dat hierdie plantjies baie water nodig het.
- Sy het geleer dat sy ten minste 4 weke moet wag voordat daar vruggies gaan wees.

Hoe het Sandra geleer hoe om aarbeisaadjies te plant?

- Sy het op die internet gesoek.
- Haar suster Wilna het vir haar data na haar ma se foon toe gestuur. Toe het sy die internet gebruik.
- Sy het 'n video gekyk wat haar gewys het hoe om aarbeisaadjies te plant.



Lees 2

Hoekom kan Mamma nie vir Sandra help om aarbeie te plant?

Omdat sy dit nog nie self vantevore gedoen het nie.

Hoekom het Sandra die saadjies in houers geplant?


Omdat sy dit op die video wat sy gekyk het, gesien het.

Hoe kry Sandra dit reg om die internet te gebruik?

Haar suster stuur data na Mamma se telefoon vir haar om te gebruik.

Hoekom gebruik Sandra die internet?

- Omdat sy wil leer hoe om aarbeisaadjies te plant.
- Omdat niemand wat sy vra weet hoe om aarbeisaadjies te plant nie.
- Omdat jy enigiets van die internet af kan leer!



VERHAAL 4

KATRYN GEBRUIK SKERMS

Tema: Ons gebruik tegnologie



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat wanneer ons te veel tyd aan skrms bestee, ons belangrike en prettige oomblikke saam met familie en maats kan misloop. Ons moet leer hoe om wyse besluite te maak oor hoe ons skrms gebruik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Om te veel tyd met ons selfone, tablette, of rekenaars deur te bring, kan veroorsaak dat ons speel, oefening, of tyd saam met familie en maats misloop.
- Om tegnologie te veel te gebruik kan veroorsaak dat ons werklike pret, gesels met maats, of hulp by die huis, misloop.
- Gesinne doen dinge saam, soos om oor die dag te gesels, speletjies te speel of te bak. Om deel te neem kan pret wees en is belangrik om verbind te voel. As ons nie deelneem nie, kan ons alleen en verwerp voel.
- Katryn moet besluit of sy haar foon wil gebruik of wil deelneem aan gesinsaktiwiteite. Ons almal moet elke dag keuses soos hierdie maak.



Begripstrategie: Monitor begrip

- Wat is dit: Om jou eie begrip te kontroleer terwyl jy lees en te stop as iets nie duidelik is nie.
- Waarom ons dit gebruik: Om te besef as jy iets nie verstaan nie en dit reg te stel.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en bevorder begrip deur misverstande dadelik aan te spreek.



Om hierdie strategie te gebruik:


Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
159, 1	Sodra Katryn se ouma by die deur instap, vra Katryn haar vir haar foon.	Laat ek wag en dink. Katryn se ouma het nou net daar aangekom en die eerste ding wat Katryn doen, is om haar ouma vir haar foon te vra. Dit sê vir my iets belangriks. Sy is baie opgewonde oor die foon. Laat my net seker maak dat ek dit verstaan: Dit lyk asof sy meer geïnteresseerd is in die foon as om haar ouma te groet of met haar te praat. Dit mag dalk later belangrik word.
163, 1	Simon sê: “Katryn, kom speel saam – kom ons gaan! Hulle speel ses-aan-’n-kant sokker en hulle het ons nodig!”	Laat ek wag en dink. Simon wil buite speel. Dit klink na pret, maar Katryn wil nie saamspeel nie. Ek wonder hoekom nie? Kan ek net seker maak dat ek dit reg verstaan: Ek dink Katryn fokus net op die foon. Sy wil nie speel nie, maar sy wil eerder die foon gebruik.

Sodra Katryn se ouma by die deur instap, vra Katryn haar vir haar foon. Katryn gaan lê op die bank en kyk video na video.



Ouma en Mamma sit by die tafel. Hulle gesels en hulle lag. Ouma roep vir Katryn en sê: “Kom vertel my van jou Week!”

Mamma sê: “Kom vertel vir Ouma hoe goed jy in jou speltoets gevaar het!”




Katryn skud net haar kop. Sy sê: “Nee, ek wil nie gesels nie! Ek wil my video kyk!” Sy kyk net vir die skerm.



Toe Ouma se data op is, soebat Katryn vir Mamma om 'n speletjie op haar foon te speel. Mamma sê sy mag – maar net vir 'n kort rukkie.





Simon sê: “Katryn, kom speel saam – kom ons gaan!
Hulle speel ses-aan-’n-kant sokker en hulle het ons
nodig!”

Katryn frons. “Kom uit my pad uit! Jy gaan my nou laat droogmaak,” sê sy vies.



Wanneer Katryn se pa by die huis kom, soebaat sy om sy foon te gebruik. Sy wil vir haar nefie 'n WhatsApp stuur. Hy sê sy mag dit gou doen. Katryn stuur 'n paar boodskappe en staar dan vir die foon. Sy wag vir 'n boodskap terug.



“Dit is amper tyd vir aandete!” roep Katryn se mamma. “Ek dink ons moet ’n bietjie koekies bak. Wie gaan my daarmee help?” vra sy.

“Ek!” roep Simon van die kombuis af.



Katryn sê nie 'n woord nie.



Terwyl hulle aandete eet, vertel Katryn se gesin vir mekaar oor die gelukkige oomblikke van hulle dag. Mamma vertel die grappie wat Ouma haar vertel het. Simon vertel van die doel wat hy geskop het.



Pappa eet 'n koekie en sê vir Mamma en Simon dat dit baie lekker is. Katryn sit stil en luister net. Sy besef nou dat sy nie vandag aan enigiets deelgeneem het nie.



Toe Katryn in haar kamer kom, dink sy na oor die dag. Sy het soveel oomblikke gemis – die gelag saam met Ouma, die gespeel saam met Simon, en om koekies te bak.

“Ek gaan dinge môre anders doen,” besluit sy.





Lees 1

Wat het Katryn vir haar ouma gevra sodra haar ouma daar aangekom het?

Sy het haar ouma gevra of sy haar foon mag gebruik.

Wat het Simon vir Katryn gevra om buite te kom doen?

Simon het vir Katryn gevra om saam met hom en die ander kinders ses-aan-'n-kant sokker te speel.

Hoeveel tyd dink jy is genoeg om daaglik op die foon deur te bring?

Ek dink ...

Byvoorbeeld: Ek dink 'n kort tydjie is goed, soos 'n rukkie nadat jou huiswerk klaar is, sodat daar nog tyd oor is om te speel en met jou gesin te praat.

Waarom dink jy wil Katryn nie ophou om die foon te gebruik nie?

Ek dink ...

Byvoorbeeld: Ek dink Katryn geniet dit om video's te kyk en speletjies te speel. Ek dink nie sy dink aan al die dinge wat sy misloop nie.



Lees 2

Wat is die dinge wat Katryn gedurende die dag misloop?

- Lag en speel saam met Ouma en Mamma.
- Om sokker saam met Simon te speel.
- Om koekies saam met haar ma te bak.
- Om tyd saam met haar huismense deur te bring en kontak met hulle te maak.

Hoe beïnvloed Katryn se gedrag haar verhouding met haar gesin op daardie dag?

- Omdat Katryn die meeste tyd van die dag met die foon deurbring, kuier sy nie saam met haar gesin nie. Sy raak afgesonder van hulle en mis spesiale oomblikke wat hulle saam beleef.

Hoekom dink jy is Katryn gedurende die ete stil?

- Ek dink Katryn is gedurende die ete stil omdat sy uitgesluit voel – sy het nie aan die aktiwiteite saam met haar gesin en maats gedurende die dag deelgeneem nie.
- Ek dink Katryn is stil omdat sy nie veel het om te deel nie en besef dat sy iets gemis het.
- Ek dink Katryn is stil omdat haar gesin prettige dinge deel wat hulle saam met ander gedurende die dag gedoen het, maar Katryn was heeldag net alleen met die foon.

Watter boodskap dink jy probeer die skrywer ons leer oor die gebruik van fone?

Ek dink ...

Byvoorbeeld: Ek dink dat die skrywer ons leer dat die gebruik van fone vir klein tydjes goed is, maar om te veel tyd voor die skerm deur te bring kan veroorsaak dat ons belangrike tyd saam met ons gesin en maats mis.



VERHAAL 5

BLY VEILIG

LENIE

Tema: Ons volg instruksies



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat dit normaal is om opgewonde of senuweeagtig te voel wanneer hulle iets nuuts probeer. Dit wys die leerders dat wanneer hulle oefen, dapper is, en aanhou probeer, hulle meer selfvertroue sal kry en hulle doelwitte sal bereik.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Sommige plekke is veilig vir kinders, maar sommige plekke is nie.
- Soms weet grootmense van gevare waarvan kinders nie weet nie. Ouers en oppassers maak reëls om kinders teen gevaar te beskerm.
- Soms wil ons graag iets hê (soos lekkers), en dit kan dit moeiliker maak om veilige keuses te maak. Soms weet ons wat die reël is, maar ons voel in die versoeking om dit te oortree.
- Om bang te voel sê iets belangrik aan ons. Dit kan 'n waarskuwingsteken wees. Vrees is nie 'n swakheid nie – as ons daarna luister kan dit ons veilig hou.



Begripstrategie: Vra vrae/wonder

- Wat is dit: Om te dink aan, en vrae oor die verhaal te vra terwyl jy lees.
- Waarom ons dit gebruik: Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind terwyl jy lees.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en help jou om die verhaal beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
177, 1	Lenie dink daaraan om vir Magriet te roep om saam met haar te loop, maar sy wil nie die geld vir die lekkergoed met haar suster deel nie!	Lenie weet sy is nie veronderstel om alleen te gaan nie! Sy weet ook sy mag nie naby die kroeg gaan nie. Ek wonder of Lenie vir haar ma gaan luister?
180, 1	Toe Lenie uiteindelik die kroeg sien, hardloop sy deur 'n klein gangetjie om by die winkel te kom. Sy gaan na die toonbank. "Ek is hier vir oom Gys se bestelling," sê sy en gee die geld.	Ek wonder hoe Lenie se ma sal voel as sy vir Lenie op haar eie so naby aan die kroeg sou sien?

Vroeg een Saterdagoggend gaan kuier Lenie se ma by 'n vriendin. Sy groet Lenie en Magriet met 'n drukkie. “Wees veilig. Onthou, julle moet die hele dag bymekaar bly. As julle winkels toe gaan, moet julle langs die straat loop en nie in die gangetjies tussen die huise nie! En julle gaan nie naby die kroeg nie!”



Laat die middag roep Oom Gys, Lenie-hulle se buurman, haar nader. Hy hou geld uit na haar. “Gaan asseblief na die winkel agter die kroeg en koop vir my pap en vleis,” sê hy. “Jy kan oppad soontoe vir jou lekkers koop.”



Lenie dink daaraan om vir Magriet te roep om saam met haar te loop, maar sy wil nie die geld vir die lekkergoed met haar sussie deel nie!




Dit was besig om laat te word, maar Lenie het gedink as sy gou maak sal sy terug by die huis wees voor haar ma kom. Dan sal haar ma nooit weet nie. Lenie neem die geld by Oom Gys. “Ek het die winkel gebel. My kos sal gereed wees wanneer jy daar kom!” sê Oom Gys en glimlag.



Lenie druk die geld in haar sak en begin na die winkel hardloop. Lenie se ma het haar gewaarsku om altyd langs die pad te bly wanneer sy winkels toe gaan, maar dit is baie vinniger om die pad deur die gangetjies na die winkels te neem! Sy dink as sy deur die gangetjies loop, sal sy voor haar ma by die huis wees. Dan sal haar ma nooit weet nie.




Toe Lenie uiteindelik die kroeg sien, hardloop sy deur 'n klein gangetjie om by die winkel te kom. Sy gaan na die toonbank. “Ek is hier vir Oom Gys se bestelling,” sê sy en gee die geld.



Toe Lenie omdraai om te gaan, staan daar drie mans in die nou gangetjie. Hulle staar na haar. Sy voel bang. “Ek dink ek weet nou hoekom mamma sê ons moenie naby die kroeg kom nie,” dink sy.




Lenie gebruik die kleingeld om vir haarself lekkers te koop by die winkeltjie. Dit gaan binnekort donker wees.



Sy hardloop deur die gangetjies om te probeer om voor donker en voor haar ma by die huis kom, tuis te wees. Soos sy hardloop, roep 'n jong man, “Kom hier meisie! Kom gesels met my!” sê hy. Lenie voel bang.

“Ek dink ek weet nou hoekom mamma gesê het ek moenie deur die gangetjies loop nie,” dink sy en hardloop vinniger.



Toe sy uiteindelik by die huis kom, wag Oom Gys vir haar. “Is my ma al by die huis? Het jy haar gesien?” vra Lenie benoud.

“Nee, ek het haar nog nie gesien nie,” sê Oom Gys. Lenie slaak ’n sug van verligting.



Terwyl Lenie op die stoep sit en haar lekkers eet, neem sy 'n besluit. Sy besluit self dat sy nooit weer alleen naby die kroeg sal gaan of in die gangetjies gaan hardloop nie.





Lees 1

Waarheen het Oom Gys vir Lenie gevra om te gaan?

Hy het haar gevra om na die winkel agter die kroeg te gaan om sy kos te gaan haal.

Waarheen het Lenie se ma haar gevra om nie te gaan nie?

Sy het haar gewaarsku om nie in die gangetjies of naby die kroeg te gaan nie.

Hoekom het Lenie naby die kroeg gegaan, selfs al het haar ma haar gewaarsku om nie te gaan nie?

- Omdat sy nie gedink het enige iets gevaarlik kan gebeur nie.
- Omdat sy graag wou lekkers kry!
- Omdat Oom Gys haar gevra het om sy kos by die winkel te gaan haal.
- Omdat sy besluit het haar ma sal moontlik nooit weet nie!



Lees 2

Waar het Lenie vir haarself lekkers gekoop?

Sy het lekkers by die klein winkeltjie gekoop.

Wat het Lenie aan die einde van die storie besluit?

Sy het besluit sy sal nooit weer naby die kroeg gaan of in die gangetjies hardloop nie.

Hoekom het Lenie besluit sy sal nooit weer naby die kroeg gaan of in die gangetjies hardloop nie?

- Omdat sy bang was toe sy naby die kroeg was.
- Omdat sy bang was toe sy deur die gangetjies huis toe gehardloop het.
- Omdat sy nou kon sien iets slegs kon met haar gebeur het!

VERHAAL 6

WERNER EN DIE RIVIERBEDDING

Tema: Ons volg instruksies



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help besef dat ware dapperheid beteken om veilige keuses te maak en na waarskuwings te luister, selfs wanneer ander dit waag om risiko's te neem.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Rivierbedding is die grond waar 'n rivier vloei. Soms is dit droog, sonder enige water. Soms het dit slegs 'n bietjie water. Na swaar reën, kan dit vinnig vol raak en gevaarlik word. Wanneer dit baie reën, vloei water in die riviere in. 'n Klein stroompie kan in 'n groot, sterk rivier verander.
- Bewegende water kan baie sterk wees. Dit kan mense omslaan en meesleur, selfs as dit nie diep lyk nie. Klippe in riviere kan baie glad wees, en dit is maklik om jou balans te verloor.
- Soms verwar mense dapper wees met nie bang wees nie. Dapper mense kan egter bang voel. Om dapper te wees beteken nie dat jy gevaar ignoreer nie.
- Grootmense waarsku kinders gereeld teen gevaarlike plekke. Reëls om weg te bly van gevaarlike plekke is daar om ons veilig te hou, nie om ons pret te bederf nie.
- Hierdie verhaal het 'n herhalende struktuur wat leerders aanmoedig om dit te herken: Werner se maats daag hom uit, hy hoor sy suster se waarskuwing, maar ignoreer dit en die situasie raak gevaarliker.




Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
193, 1	Die volgende dag het Werner langs die rivierbedding geloop. Maar dit was nie meer 'n rivierbedding nie – daar was nou 'n stroompie.	Ek onthou dat daar reëndruppels op Werner se sinkdak geval het. Ek kan aflei dat die reën die droë rivierbedding in 'n stroompie verander het.
196, 2	Werner het getwyfel. Werner het twee keer gedink. Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.”	Ek kan aflei dat Werner onseker is of senuweeagtig voel omdat hy twyfel, twee keer dink en sy suster se waarskuwing onthou het.

Werner was dapper. Werner was waaghalsig. Hy het daarvan gehou om te spog dat hy nie vir enigiets bang was nie.

Toe Werner se maats hom uitgedaag het om van die hoogste deel van die klimraam af te spring, het hy dit gedoen sonder om te aarsel.

Toe Werner se maats hom uitgedaag het om die hoogste boom te klim, het hy nie twee keer gedink nie.



Eendag het Werner se maats hom uitgedaag om oor die rivierbedding te loop. Werner het getwyfel. Werner het twee keer gedink.

Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.”





Maar Werner was dapper. Werner was waaghalsig. Hy was nie bang vir 'n leë rivierbedding nie.

Werner het rustig oor die rivierbedding geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy selfs rustiger teruggeloop. “Kyk!” het hy selfvoldaan gesê, “daar is niks skrikkerigs omtrent 'n rivierbedding nie!”

Daardie aand het Werner in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. “Ek wonder wat so skrikkerig omtrent ’n rivierbedding is?” het hy gedink.



Die volgende dag het Werner langs die rivierbedding geloop. Maar dit was nie meer 'n rivierbedding nie – daar was nou 'n stroompie.


Werner se maats het hom uitgedaag om deur die stroompie te loop. Werner het getwyfel. Werner het twee keer gedink.

Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.”




Werner was dapper. Werner was waaghalsig. Hy was 'n bietjie skrikkerig oor die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.

Werner het vinnig deur die stroompie geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinnig teruggeloop. “Kyk!” het hy bietjie minder selfvoldaan gesê, “daar is niks skrikkerigs omtrent 'n verspote stroompie nie!”



Daardie aand het Werner in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. Hy het na die donderweer geluister. “Ek wonder wat so skrikkerig omtrent ’n verspotte stroompie is?” dink hy.



Die volgende dag het Werner langs die verspotte stroompie geloop. Maar, dit was nie meer 'n stroompie nie – dit was nou 'n vol, vloeiende rivier.


Werner se maats het hom uitgedaag om deur die vol, vloeiende rivier te loop. Werner het getwyfel. Werner het twee maal gedink.

Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.”




Maar Werner was dapper. Werner was waaghalsig. Hy was bang vir die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.

Werner het so vining as wat hy kon deur die vloeiende rivier gehardloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinning terug gehardloop.



Net voordat hy die rivierwal bereik het, het sy voete op die glibberige rotse gegly. Hy het in die vol, vloeiende rivier geval. Die rivier het hom begin wegspoel.

“Help!” het Werner geskreeu. Hy het nie meer omgee dat sy maats sy vrees sien nie. Werner het geworstel om by die oewer uit te kom.



Sy maats het teen die rivierwal afgehardloop. Sy maat Michael het in die vol, vloeiende rivier ingestap en dit reggekry om sy hand te gryp. Michael het Werner uit die water tot op die rivierwal getrek.

Werner is papnat en angsbevange huis toe.



Daardie aand het Werner in die bed gelê. “Ek weet wat so skrikkerig omtrent ’n vol, vloeiende rivier is,” het hy gedink. “Ek mag dalk dapper wees, ek mag dalk waaghalsig wees, maar ek sal nooit weer naby ’n rivierbedding speel nie!”





Lees 1

Wat was die waarskuwing wat Werner se suster hom gegee het?

Sy het hom gewaarsku om nie naby die rivierbedding te speel nie, want die rivier kon hom wegspoel.

In wat het die droë rivierbedding verander?

Dit het in 'n vol, vloeiende rivier verander.

Hoekom dink jy het Werner se suster hom gewaarsku om nie naby die rivierbedding te speel nie?

- Omdat sy geweet het dat die reën die droë rivierbedding in 'n stroom of rivier kan verander.
- Omdat sy geweet het dat Werner daarvan hou om soms gevaarlike goed te doen.
- Omdat sy geweet het dat Werner nie kon swem nie.
- Omdat sy geweet het dat Werner weggespoel kon word as die rivier vol en sterk genoeg is.
- Miskien het sy al gesien of gehoor van ander kinders wat in die river weggespoel is.



Lees 2

Watter dapper en waaghalsige goed het Werner al gedoen?

- Hy het van die hoogste deel van die klimraam afgespring.
- Hy het al die hoogste boom geklim.

Dink jy Werner sal weer in die rivierbedding speel? Hoekom of hoekom nie?

Ek dink ... want ...

Watter les dink jy het Werner daardie dag geleer?

Ek dink Werner het geleer ... omdat ...

Byvoorbeeld: Ek dink Werner het geleer het om nie in die rivierbedding te speel nie omdat dit gou in 'n sterk rivier kan verander.



VERHAAL 7

DIE VERFKWAS



Tema: Ons is kreatief



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat kreatiwiteit daaroor gaan om nuwe idees uit te probeer, met verskillende gereedskap te eksperimenteer, en jou verbeelding te gebruik om probleme op te los of iets unieks te maak.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Kunstenaar is iemand wat verf, potlode, of ander gereedskap gebruik om kuns te maak. Kunstenaars kan ook kreatief wees deur ongewone dinge te gebruik om hulle kuns te maak.
- Om kreatief te wees beteken om nuwe dinge te probeer. Soms moet ons anders dink en eksperimenteer om iets spesiaals te skep.
- Om na kuns te kyk kan mense opgewonde, nuuskierig, of gemotiveerd laat voel om hulle eie kuns te skep.
- Kuns gaan daaroor om dinge op jou eie manier te doen. Daar is geen regte manier om kuns te maak nie. Om kreatief te wees beteken om jou verbeelding te gebruik en jou eie keuses te maak.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
205, 4	Al waaraan Benita kan dink, is die nuwe skildery teen die muur.	Ek kan aflei dat Benita verstom is deur die skildery, want sy kan nie ophou om daaraan te dink nie.
211, 1	Na aandete staar Benita na die verf. Sy staar na die papier. Toe kry Benita 'n idee. Sy druk haar vinger in die verf. Sy begin om met haar vinger te verf. Toe verf sy met die rooi blaar. Alles word 'n verfkwas!	Ek kan aflei dat Benita kreatief is, want sy besef sy kan ander goed gebruik om mee te verf – sy het eintlik nie regtig 'n verfkwas nodig nie!



Benita stap die klaskamer binne, daar is 'n nuwe prent teen die muur. Dit is 'n helderkleurige skildery. Benita staar na die skildery. Sy is in vervoering.

Gewoonlik geniet Benita dit om na die gedeelde lees te luister, maar vandag kyk sy eerder na die skildery.

Gewoonlik hou Benita daarvan om te tel, maar tydens Wiskunde, tel sy nie saam met die ander nie.

Al waaraan Benita kan dink, is die nuwe skildery teen die muur.



Toe die klok lui, laat Juffrou Muller die kinders uitgaan vir pouse.

“Benita, kom sien my gou asseblief!” roep sy.

“Ek sien jy hou van die skildery,” sê sy. “Miskien sal jy hiervan hou!”

Juffrou Muller gee vir Benita ’n boek.



Sarel wag buite vir Benita.

“Kyk!” sê Benita.

Benita maak die boek oop. Op elke bladsy is daar ’n skildery, wat selfs mooier as die vorige een is. Benita is in veroering.

Nina roep Benita om te kom touspring.

“Nie vandag nie!” roep sy terug.



Toe Benita by die huis kom, gaan haal sy haar ou verfstel. Toe sy dit oopmaak, is daar geen verfkwas in nie! Sy kyk by haar lessenaar. Sy kyk in die speelgoedmandjie. Sy kan die verfkwas nêrens vind nie.



Benita gaan buitentoe om te speel. Sy kry 'n rooi blaar. Sy kry 'n blink bottelproppie.

Benita se pa kom buitentoe.

“Kyk wat het ek gekry!” sê sy.

“Sjoe!” sê Pappa. “Kom in vir ete.”



Na aandete, staar Benita na die verf. Sy staar na die papier. Dan kry Benita 'n idee. Sy druk haar vinger in die verf. Sy begin om met haar vinger te verf. Toe verf sy met die rooi blaar. Alles word 'n verfkwas!



Benita verf en verf, totdat haar pa haar kamer binnekom.

“Dit is slaaptyd,” sê hy.

“Kyk!” sê sy.

“Sjoe! Jy is ’n regte kunstenaar,” sê hy, terwyl hy na haar prente kyk.



Die volgende oggend kies Benita haar gunsteling prent en sit dit in haar skooltas.

“Ek loop vroeg,” sê sy vir haar ma.

Benita maak die klaskamer se deur oop. Juffrou Muller is besig om reg te maak vir die dag.

Benita neem die prent uit haar skooltas.

“Dit is vir Juffrou,” sê sy.

“Sjoe!” sê Juffrou. “Miskien gaan jou prente ook eendag in ’n boek wees.”



Toe die klok lui, stap Benita in die klaskamer in. Die ander kinders staar na iets teen die muur. Benita kyk van nader – dit is haar prent!

“Ek wil so verf!” hoor sy een van die kinders sê.

Benita kan nie wag om buitentoe te gaan en nuwe dinge te kry om mee te verf nie.





Lees 1

Wat het Benita op die muur gesien?

Benita sien 'n prent/skildery teen die muur.

Waarna het Benita by haar huis gesoek?

Sy het 'n verfkwas gesoek.

Wat het Benita in plaas van 'n verfkwas gebruik?

Haar vingers, 'n blaar en 'n bottelproppie.

Hoekom het Benita 'n prent vir Juffrou Muller gegee?

- Omdat sy dankie wou sê vir Juffrou Muller dat sy die boek vir haar gegee het.
- Juffrou Muller was so gaaf met Benita dat sy vir haar 'n geskenk wou gee.
- Benita wou vir Juffrou Muller wys dat sy ook 'n skildery kan verf.



Lees 2

Benita kan nie die verfkwas waarna sy soek opspoor nie. Hoe voel jy wanneer jy nie iets kan opspoor waarna jy soek?

Ope antwoord. Leerders voel ontsteld, geirriteerd, kwaad, teleurgesteld, gefrustreerd.

Hoe voel Benita wanneer Juffrou Muller haar prent opplak?

Sy voel trots.

Hoekom wil Benita verf?

Omdat sy die skildery teen die muur en die skilderye in Juffrou Muller se boek sien. Sy wil prente verf soos die wat sy sien.

Hoekom is Benita opgewonde om buitentoe te gaan en nuwe goed te kry waarmee sy kan verf?

- Omdat sy nuwe goed wil kry om mee te verf.
- Omdat sy trots voel op haar skilderye/prente. Sy is opgewonde om nuwe skilderye/prente te maak.
- Omdat dit soveel pret is om met verskillende voorwerpe te verf.
- Sy wil probeer om met nuwe en verskillende voorwerpe te verf.
- Sy het soveel pret wanneer sy verf. Sy wil meer verf.
- Sy hou daarvan om kreatief te wees en om te verf met nuwe en verskillende goed.
- Miskien wil sy vir Juffrou Muller 'n nuwe skildery/prent verf om teen die muur te hang.



VERHAAL 8

DIE WYSE SEUN



Tema: Ons is kreatief



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat om versigtig na te dink en te beplan net so belangrik kan wees as om hard te werk wanneer jy probleme oplos.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Om hard te werk beteken om baie moeite in te sit. Om te beplan beteken om mooi te dink voordat jy iets doen. Soms kan jy 'n beter probleemoplosser wees as wat jy eers dink.
- Daar is dikwels meer as een manier om 'n probleem op te los. Kreatiewe en slim denke kan net so belangrik wees vir probleemoplossing, soos fisiese krag.
- Kreatiwiteit is nie net teken of verf nie. Wanneer jy aan nuwe of verskillende maniere dink om probleme op te los, is jy ook kreatief.
- Dink aan die woord 'volmaak'. Wat beteken dit om iets vol te maak?



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal, of die besluite wat die karakters gemaak het, hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
224, 2	Hy het besluit om die skuur vol sand te maak. Hy het kruit na kruit vol sand uit die rivierbedding gehaal. Hy het hard gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur nog nie eens half vol nie.	Watter evaluering kan jy oor die oudste seun maak? Ek maak die evaluering dat hy 'n harde werker is.
229, 1	Toe dit op die vyfde dag donker word, roep die jongste seun sy pa na die skuur toe. Uit sy klein sakkie haal hy 'n groot kers en sit dit in die middel van die skuur op die grond neer. Hy steek die kers aan en die hele skuur word vol lig.	Watter evaluering kan jy oor die jongste seun maak? Ek maak die evaluering dat hy 'n kreatiewe denker is, want hy doen dinge heeltemal anders as sy broers.

Mpumi en haar susters was mal daaroor om in die winter vakansie by hulle ouma in die dorpie Zinyoka te gaan kuier. Saans het ouma buite 'n groot vuur gemaak, dan het almal om die vuur gesit en tee drink terwyl die vuur hulle lekker warm hou.



Een aand het oom Kwezi kom kuier. In hulle familie was hy bekend as die beste storieverteller. Hy was 'n baie stil man, so almal het geweet hy is nie altyd lus om stories te vertel nie.

Mpumi en haar susters het gesit en kyk hoe oom Kwezi sy tee sit en drink. Later kon Mpumi dit nie meer hou nie.

“Asseblief, asseblief vertel vir ons 'n storie! Ons hoor oom se stories is die heel beste!” het sy haar oom gesmeek.

Oom Kwezi het verras opgekyk en vir Mpumi geglimlag.

“Ek sal my gunsteling storie vertel, net omdat julle van so ver kom kuier het,” het hy ingestem.



Eendag lank, lank gelede was daar 'n boer wat drie seuns gehad het. Hy het oud en sieklik begin word en hy het gedink hy moet begin besluit vir watter seun hy die plaas gaan nalaat na sy dood. “Om te kan boer moet jy goed kan dink en kan beplan” het hy gedink. “Ek moet die plaas los vir die seun wat die deeglikste kan dink en beplan.”



Een middag roep die ou boer sy drie seuns na die skuur.

“Wanneer ek nie meer daar is nie, gaan een van julle die plaas kry,” sê hy vir sy seuns, “dan sal dit jou werk wees om vir jou broers te sorg. Ek moet besluit watter een van julle gaan die beste na die plaas omsien wanneer ek weg is.”

Die seuns het na mekaar gekyk en gewonder watter een van hulle die plaas verdien.




“Sien julle hierdie groot skuur?” vra die ou boer. “Julle het elkeen vyf dae om dit vol te maak met enigiets van julle keuse. Die hele skuur moet binne vyf dae vol wees.”



Die oudste seun het
eerste probeer.



Hy het besluit hy gaan die
skuur vol sand maak. Hy het
kruwa na kruwa vol sand
uit die rivierbedding hehaal.
Hy het hard gewerk, maar
teen die vyfde dag was die
skuur nog nie eens half vol
nie.



Die middelste seun het volgende probeer. Hy het besluit om die skuur vol mielies te maak. Hy het armsvol mielies vanuit die lande na die skuur gedra. Hy het ywerig gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur slegs halfvol!



Die jongste seun was die laaste een om die taak aan te pak. Hy het sy eerste dag in die skaduwee onder die boom lê en dink.

“Hy is so lui!” het sy oudste broer gedink. “Ek gaan verseker die plaas kry!”

Op die tweede dag het die jongste broer weer gesit. Hy het geles en gedink oor wat om te doen.

“Hy is so onverantwoordelik!” het die middelste broer gedink. “Ek gaan verseker die plaas kry!”


Op die derde dag het die jongste broer met ’n notaboek gesit, gedink en beplan wat om te doen.

“Hy werk nie hard nie!” het sy pa gedink.

“Hy gaan niks bereik nie!”



Op die vierde dag is die broer reeds vroeg dorp toe. Hy het daardie aand huis toe gekom met 'n klein sakkie. Teen hierdie tyd het sy familie gedink hy gee nie om vir die plaas nie.



Op die vyfde dag praat sy pa uiteindelik met hom.
“Hoekom doen jy niks nie? Jy is besig om my te beledig!” skree hy.

“Nee pa! Vertrou my. Ek het ’n goeie plan!”



Toe dit op die vyfde dag donker word, roep die jongste broer sy pa na die skuur. Uit sy klein sakkie haal hy 'n groot kers en sit dit in die middel van die skuur op die grond neer. Hy steek die kers aan en die hele skuur word verlig.

Sy pa kyk hom met verwondering aan. “Jy is so slim. Jy is die enigste een wat die skuur kon volmaak. Die plaas gaan na jou toe!”



Oom Kwezi het opgekyk na Mpumi en haar susters.
“Nou sien julle – harde werk is belangrik, maar jy moet ook goed kan beplan!”





Lees 1

Waarmee het die eerste broer die skuur probeer volmaak?

Die eerste broer het dit met sand probeer volmaak.

Waarmee het die tweede broer die skuur probeer volmaak?

Die tweede broer het dit met mielies probeer volmaak.

Hoekom het die derde seun die plaas gekry?

- Omdat hy die seun was wat die skuur kon volmaak.
- Omdat hy die hele skuur gevul het met lig.
- Omdat hy 'n goeie plan gemaak het.
- Omdat hy 'n beter plan as sy broers gehad het.
- Omdat hy baie slim was.



Lees 2

Watter uitdaging het die pa aan sy seuns gegee?

Hy het sy seuns uitgedaag om die hele skuur binne 5 dae vol te maak.

Wat dink jy het die jongste seun elke dag gedoen terwyl hy gesit en dink het?

Ek dink jy het ...

Byvoorbeeld: Ek dink hy het aan 'n nuwe en kreatiewe manier gedink om die skuur vol te maak.

Stem jy saam met die vader se keuse om die plaas aan die jongste seun te gee? Verduidelik jou opinie.

- Ja, ek stem saam met die pa se keuse omdat ...
- Nee, ek stem nie saam met die pa se keuse nie omdat ...



